# HERMENEUTIESE PROBLEMATIEK IN MICHAEL WHITE SE NARRATIEWE TERAPEUTIESE TEORIE

**H. HOOGSTAD Hons. B.A.**

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Filosofie aan die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier:** **Prof. J.J. Venter**
**Medestudieleier:** **Dr. M.F. Heyns**
**Hulpstudieleier:** **Dr. E.H. Ryke**

**Mei 2005**
**Potchefstroomkampus**

## BEDANKINGS

Die skryf van my skripsie was 'n besondere ervaring. Om oor jare met 'n probleem te worstel, om saam met buitengewone kundiges vrye gesprekke hieroor te voer en om opgewonde te kan raak oor my eie moeisame groei, maak hierdie studie vir my 'n ryk en 'n geseënde onderneming.

Gedurende hierdie studie is ek gekonfronteer met diepgaande vrae wat verby bloot die artikel strek, en hierin het God my ontmoet om op vele wyses die sin van my bestaan en van my bestudering in die Filosofie altyd weer op Haar te rig. Aan God kom toe al die eer.

Aan Willem, my allerliefste man, kan ek nie genoeg dankie sê vir sy volgehoue ondersteuning en egte belangstelling in alle aspekte van die studie nie. Ook vir sy intieme verstaan van my belewing van die studie, en vir sy geduld en begrip wanneer daar min tyd was om saam te ontspan.

Ek was besonder bevoorreg om prof. Ponti Venter as studieleier te hê. Ons laatnag-gesprekke was geweldig stimulerend en het my keer op keer weer geïnspireerd laat wonder oor Filosofie. Baie, baie dankie hiervoor. Professor is werklik 'n meester in leer en ek sien daarna uit om nog vele gesprekke met prof. te mag hê.

Aan dr. Michael Heyns ook 'n baie groot dankie. As kollega en later medestudieleier het hy uiters waardevolle insette gelewer en 'n besliste bydrae gelewer tot my ontwikkeling in Filosofie. Ek spreek ook graag my dank uit teenoor my hulpstudieleier, dr. Elma Ryke van Maatskaplike Werk, wat altyd gretig was om te hoor watter vordering ek maak. Sowel haar kommentaar as die positiewe gevoel wat dit altyd vergesel het, het my besonder baie gehelp.

Dankie ook aan prof. Potgieter, direkteur van die Skool vir Filosofie aan die Noordwes-Universiteit, vir sy belangstelling en begrip. Gedurende die laaste maande het hy my hande losgemaak vir navorsing en daarvoor is ek baie dankbaar. My wonderlike kollegas en studente se bemoediging en entoesiasme verdien ook 'n dankie.

Aan Steyn en Rita Wessels, my familie en skoonfamilie ook 'n besondere diep dankie vir hulle geweldige ondersteuning en vaste vertroue in my. Ook aan vriende soos Jeanne-marié en Christo 'n groot dankie vir hulle belangstelling in wat ek doen.

Ek is ook dank verskuldig aan:

- Die Noordwes-Universiteit vir finansiële steun tydens voltooiing van die studie; en
- Die *National Research Foundation* (NRF) vir finansiële steun tydens voltooiing van die studie. Let egter daarop dat die menings uitgedruk en gevolgtrekkings waartoe daar in die artikel gekom word my eie is en nie aan die NRF of aan die Noordwes-Universiteit toegeskryf behoort te word nie.

## VOORWOORD

Hierdie skripsie word in artikelformaat gedoen.

Daar word beplan om die artikel ná eksaminering aan *Acta Academica* voor te lê.

Op die volgende bladsy word 'n afskrif van hierdie tydskrif se riglyne vir outeurs ingevoeg. Bronverwysings en die artikel se bibliografie is volgens die Harvard-styl in *Acta Academica*-formaat gedoen.

# Instruksies aan skrywers

1. Manuskripte kan in Afrikaans of Engels voorgelê word. Die verlangde lengte van artikels is 7 000 woorde terwyl 4 500 woorde as die minimum en 11 000 as die maksimum beskou word.

2. Twee getikte manuskripte moet ingedien word, asook 'n rekenaardisket van die artikel in een van die volgende formate: WordPerfect of Word for Windows. Die artikel kan ook per e-pos gestuur word na: murray@hbib.uovs.ac.za. Instruksies vir teksvoorbereiding op rekenaar is beskikbaar.

3. Manuskripte moet uit die staanspoor persklaar, in finaal geredigeerde, sorgvuldig taalversorgde en volledig afgeronde vorm, voorgelê word. Die Redaksie plaas 'n hoë premie op leesbaarheid, gemaklikheid van styl en duidelike uiteensetting. Wanneer die Redaksie genoodsaak word om substansiële taalversorging te doen, sal die bladfooie betaalbaar deur die betrokke outeurs verdubbel word.

4. Manuskripte word vir publikasie oorweeg met dien verstande dat die Redakteur die reg voorbehou om veranderinge aan te bring wat hy as wenslik beskou om die styl en aanbieding in ooreenstemming met die beleid van die Redaksie te bring. Indien aansienlike veranderings nodig is, sal die manuskrip na die skrywer terugverwys word vir regstelling of goedkeuring. Kopiereg word aan *Acta Academica* oorgedra by aanvaarding van publikasie.

5. Titels moet kort en bondig wees. Voorsien gepaste opskrifte waar nodig. Nommer opskrifte in Arabiese syfers met punte, dit wil sê 3. word gevolg deur 3.1 en 3.1.1 (tot hoogstens drie vlakke).

6. Bronverwysings in die teks moet in die Harvardstyl geskied, met slegs die skrywer se van, soos volg: (Coetzee 1986: 234-45).

7. Beperk voetnote tot egte voetnote, dit wil sê inhoudsnotas of -aantekeninge wat tersaaklike toeligting van die teks bevat. Beperk die aantal voetnote tot 'n minimum. Genommerde voetnotas moet onderaan die bladsy verskyn. Die noot se posisieaanduiding in die teks moet in Arabiese syfers, in boskrif, en sonder enige hakies wees.

8. 'n Volledige bibliografie in die Harvardstyl moet verskaf word, met alle relevante besonderhede, in die vorm van 'n alfabetiese lys volgens outeur, in die volgende formaat:

Coetzee H J
  1977. Inflasie in Suid-Afrika. *Acta Economica* 27(3): 17-36.Snyman A L
  1986. Die rol van menseregte in politieke hervorming. Van Rensburg 1986: 1-34.
Van Rensburg C D (red)
  1986. *Menseregte in Suid-Afrika*. 2de uitg. Pretoria: HAUM.

9. Vermy afkortings en akronieme. Dit is verkieslik om alles voluit te skryf (behalwe waar 'n akroniem, byvoorbeeld SAUK, geyk is of herhaaldelik gebruik word).

10. Kursivering moet nie oormatig gebruik word nie; indien wel gebruik, dan as aanduiding van beklemtoning. Geykte Latynse terme soos *per se* moet gekursiveer word. Woorde in ander tale moet in aanhalingstekens verskyn.

11. Statistiese en ander tabelle moet van kort opskrifte voorsien word. Die aantal tabelle moet tot 'n minimum beperk word. Beperk die gebruik van wiskundige of soortgelyke simbole en uitdrukkings.

12. Diagramme, sketse en grafieke moet elk op 'n aparte vel papier gereed vir duplisering ingelewer word. Rekenaargrafika wat op 'n laserdrukker geproduseer is, is ook aanvaarbaar. Elke diagram moet 'n kort, verklarende opskrif hê.

13. Indien van toepassing moet besonderhede van die oorsprong van die artikel (byvoorbeeld 'n referaat by 'n kongres) verskaf word.

14. Twee opsommings van nie minder as 100 en nie meer as 120 woorde elk nie, onderskeidelik in Afrikaans en Engels, moet ingesluit word.

15. Skrywers word uitgenooi om die name, adresse en spesialiteitsvelde van tot drie persone (wat nie aan hulle eie inrigting verbonde is nie) as moontlike artikelbeoordelaars voor te lê. Keuring geskied altyd anoniem.

16. Artikels kan alleen vir beoordeling voorgelê word indien voorsien van 'n verklaring dat dit nie voorheen gepubliseer of vir publikasie elders ingedien is nie.

17. Die skrywer van 'n artikel ontvang 10 oordrukke van sy artikel sowel as een gratis eksemplaar van die betrokke uitgawe van die tydskrif.

18. Stuur manuskripte wat voldoen aan bostaande vereistes aan: Die Redakteur, *Acta Academica*, UV-SASOL-Biblioteek, Posbus 301, Bloemfontein 9300.

These instructions will appear in English in the next issue

**INHOUDSOPGAWE**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Uittreksel | 1 |
| 2. | Inleiding | 2 |
| 2.1 | Narratiewe terapie as interpretatiewe benadering | 2 |
| 2.2 | Narratief as voorkeur-interpretasiepatroon | 4 |
| 2.3 | Verhaal as terapeutiese interpretasiestrategie | 4 |
| 3 | White se interpretatiewe werklikheidsbeskouing | 8 |
| 4 | Wat White onder "verhaal" verstaan | 9 |
| 4.1 | Verhaal as voorkeur-analogie | 9 |
| 4.2 | Verhaal se strukturele aard | 10 |
| 4.2.1 | Die landskap van optrede | 10 |
| 4.2.2 | Die landskap van bewussyn | 11 |
| 4.3 | Verhaal se intertekstuele aard | 11 |
| 4.3.1 | Sosiaal-konstruksionistiese bepaaldheid | 12 |
| 4.3.2 | Kontingente onbepaaldheid | 12 |
| 5 | Probleme in White se interpretatiewe werklikheidsbeskouing | 13 |
| 5.1 | Gebeurtenis as pre-interpretatiewe ervaringseenheid | 14 |
| 5.2 | Analogie – betekenis – gedragsoptrede as buite-kontingente kousaliteitspatroon: 'n kritiese beskouing | 14 |
| 5.3 | Ondersoekkriteria vir die bevoordeling van analogieë | 16 |
| 5.3.1 | Analogie en praktyk(e) se gevolg(e) | 16 |
| 5.3.2 | Analogie en praktyke binne die geskiedenis van sosiale denke | 19 |
| 5.3.3 | Voorkeur as pre-interpretatiewe maatstaf | 20 |
| 5.4 | Interpretatiewe werklikheid, bo-interpretatiewe self? | 21 |
| 5.5 | Gevare in die terapeutiese praktyk | 22 |

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

Bladsy

6 Spanninge en inkonsekwenthede binne White se verstaan van "verhaal" 23

6.1 Verhaal as voorkeur-analogie 23

6.1.1 White se beoordelingskriteria toegepas 24

6.1.2 Die waarheidseis as beoordelingskriterium 25

6.1.3 Terapeutiese implikasies 26

6.2 Die vul van gapings as die uitvoering van 'n storie 29

6.3 Gegewe verhaal versus oorspronklike verhaal 33

6.4 Die aflei van 'n karakter se innerlike wêreld uit die landskap van optrede 34

7 Slot: 'n sametrekking van die metateoretiese onderbou van White se gebruik van narratief 38

8 Verwysings 44

## 1. UITTREKSEL

**Hermeneutiese problematiek in Michael White se narratiewe terapeutiese teorie**

Die oogmerk van hierdie artikel is om die hermeneutiese problematiek in Michael White se narratiewe terapeutiese benadering te verken deur te vra na sy verstaan van verhaal en die interpretatiewe konteks daarvan. Beide White se interpretatiewe benadering en sy verstaan van verhaal bevat inkonsekwenthede wat gewortel is in 'n metateoretiese spanning. Die spanning lê tussen 'n kontingensie-eis en 'n drang na vastigheid, met die outonome van die mens ten grondslag hiervan. Dit word aangetoon deur die volhoubaarheid van White se terapeutiese benadering te toets aan die logiese konsistensie van die onderliggende teoreties-filosofiese begronding. Aan die hand van teenstrydighede hierin word die fundamentele metateoretiese spanninge na vore gebring.

**Kernbegrippe:** Michael White, narratiewe terapie, narratief, interpretasie, hermeneutiek, kontingensie, outonomie

### *ABSTRACT*

***Hermeneutical problems in the narrative therapeutic theory of Michael White***

*This article sets out to explore the hermeneutical problems in the narrative therapeutic theory of Michael White by investigating his understanding of "story" within its interpretative context. In both White's interpretative approach and his "story" are inconsistencies rooted in a meta-theoretical tension based on his account of the autonomy of a person. This tension lies between the postulation of contingency and the pressure of stability. This is shown by testing the sustainability of White's therapeutic approach against the logical consistency of the underlying theoretical and philosophical foundation. The fundamental meta-theoretical tensions are brought to the fore by means of these contradictions.*

***Key concepts:** Michael White, narrative therapy, narrative, interpretation, hermeneutics, contingency, autonomy*

## 2. INLEIDING

Postmodernisme se klem op pluraliteit, lokaliteit en kontekstualiteit probeer voorheen aanvaarde rasionalistiese waarheidskriteria en –waarheidsaansprake as bedrieglike en onderdrukkende groot verhale ontbloot. Teenoor 'n ouer rasionaliteitstradisie (die logika van ordening, argument en universaliteit) word die logika van "narratief" binne 'n sosiaal-gekonstrueerde werklikheid gebied as die beweerde "self"-samestelling van identiteit (Bauman 1992: 187-196, Strauss 2004: 259-276 en White & Epston 1994: 122-125, 142-146).

Die logika van die narratief het ook sy intrede in die intervensiedissiplines en terapeutiese praktyk gemaak. Die narratiewe benadering bots op die oog af reglynig met 'n ouer rasionaliteitstradisie te vinde in hoofstroom-psigologiese en – terapeutiese benaderings wat oor eiesoortige geldigheidskriteria, kennisinsamelingsmetodes, terapeutiese tegnieke en etiek beskik [1], en problematiseer dus die legitimering van standaardkennis. Dit impliseer 'n fundamentele verskuiwing wat skynbaar nie herken word binne die groeiende aantal terapeutiese benaderings wat neig om die nuwe, nog-nie-ingeburgerde narratiewe idioom eklekties te gebruik nie[2].

### 2.1 Narratiewe terapie as interpretatiewe benadering

Narratiewe terapie is 'n interpretatiewe benadering waarvolgens die ken van 'n objektiewe werklikheid onmoontlik is. Kennis vereis dat ervaring tot sin organiseer word in 'n interpretasie-optrede (Anderson 2005, du Plessis 2002: 76-77, White & Epston 1990: xvi, 2, 9, 28-29, 82 en White & Epston 1994: 78-80). Die narratiewe terapeut vervul daarom nie 'n voorskriftelike rol gegrond op meerdere kennis van die persoon en sy / haar welstand nie, maar stel die subjektiwiteit en outoriteit van die persoon wat terapie opsoek – te vinde in sy / haar eiesoortige interpretasies en kennisse – voorop. Die betrokke persoon word as gepriviligieerde, primêre skrywer van sy / haar lewensverhaal(e) gesien en die terapeut as medeskrywer hiervan (Besley 2001: 83, du Plessis 2004: 88-89, Wetchler & Purdue 1996: 129-152, White

[1] Sien Besley (2001, 2002) asook White en Epston (1990: 14, 28-29, 33, 77-83, 188-191 en 1994: 76-77, 122, 142-146). White maak in sy onderskeid tussen die narratiewe benadering en "rasionaliteitsbenaderings" veral gebruik van Foucault (1979, 1980, 1984) se analise van kennis en mag se konstitutiewe gevolge (White & Epston 1990: 19). Sien ook Besley (2001, 2002).

[2] Rich (1999) se werk bied 'n voorbeeld van so 'n eklektiese gebruik van White se narratiewe terapie.

& Epston 1990: 29, 75, 78-79, 82 en White & Epston 1994: 17, 24, 76, 143-146).

So 'n interpretatiewe benadering stel besondere hermeneutiese eise aan die terapeut: (i) die terapeut moet só hermeneuties-vaardig / -sensitief wees dat hy / sy uit die persoon se interpretasie-optrede(s) kan aflei wat die betrokkene se verstaan van die probleem is. Die terapeut moet ook die persoon via sy / haar interpretasie kan vergesel én fasiliteer om tot interpretatiewe verandering te kom wat vir die betrokke persoon terapeuties-betekenisvol is met betrekking tot die probleem; (ii) die terapeut moet hermeneuties-kundig wees oor hoe om interpretasie-optredes tot veranderingsagent te maak in die ontwikkeling van 'n terapeutiese verstaan.

Bogenoemde noodsaak 'n filosofiese waardering van die nuwe benadering, veral op epistemologiese en antropologiese gebied. Die benadering behoort ondervra te word oor sy epistemologiese volhoubaarheid as 'n logika wat wetenskaplik aanvaarbaar kan wees of dalk nie. Die idioom moet ook verhelder en krities ondervra word oor die antropologiese visie en veronderstellings daarin, omdat dit die welstand van die persoon wat aan die terapeutiese proses onderwerp word, direk raak.

Michael White se narratiewe terapeutiese teorie word teen dié agtergrond bekyk as een van die gewildstes binne die narratiewe benadering, met 'n besondere fokus op die hermeneutiese problematiek daarin[3]. White (1989, 1990, 1994, 1995, 1997, 2000 en 2004) se werk verteenwoordig een van die mees invloedryke strominge binne narratiewe terapie, waaronder ook David Epston, Jill Freedman, Gene Combs, Loretta Perry en Tom Andersen gereken kan word (Müller 1996: 80 en Horwitz 2003: 4).

---

[3] Hierdie artikel konsentreer op *Narrative means to therapeutic ends* (1990) en op *Experience, contradiction, narrative and imagination* (1994). Eersgenoemde is een van die bekendste werke binne narratiewe terapie (Dulwich Centre 2005a, Besley 2002 en Payne 2000), terwyl laasgenoemde 'n uitbreiding van die idees in die eerste werk is (White & Epston 1994: 7). Michael White en David Epston is die skrywers van beide werke. Die outeurs se onderskeie bydraes word in albei boeke meestal afsonderlik erken. Die idees wat in hierdie artikel aan White toegeskryf word kan gevind word in óf daardie dele waarvan hy spesifiek as skrywer aangetoon word, óf in die enkele dele waar die twee skrywers se bydraes nie geskei word nie.

## 2.2 Narratief as voorkeur-interpretasiepatroon

White verkies narratief[4] as interpretasieraamwerk, sodat ons verstaan van ervaring deur storie gemedieer word (White & Epston 1990: 27, 77, 79, White & Epston 1994: 78-80). 'n Persoon se storie(s) bepaal watter ervaringsaspekte vir uitdrukking geselekteer word en ook hoe hierdie aspekte tot uitdrukking kom. Deur die uitvoering [5] van sodanige stories word 'n persoon se toegekende betekenis beskikbaar om die basis te vorm van sy / haar werklikheid, rigtende kennis(se) en identiteit (White & Epston 1990: 12, 78-79 en White & Epston 1994: 80-83, 123).

*Storie* blyk hieruit vir White 'n sleutel te wees in verstaan – nie net in die verstaan van die terapeutiese situasie nie, maar moontlik ook as werklikheidsvoorwaarde waaraan die kliënt in terapie se interpretasiemoontlikhede uitgespeel moet word. Wanneer ons die hermeneutiese problematiek in White se narratiewe terapie filosofies beskou, dan:

- vra ons na wat White onder *verhaal* verstaan,
- verken ons die implikasies van sodanige verstaan vir sy siening van die mens, samelewing, kennis en werklikheid;
- onthul ons in die proses die interpretasiestrategieë wat White aanwend om die verhaal vir terapeutiese doeleindes bruikbaar te maak; en
- stel ons vas of White daarin slaag om verhaal as *sy voorkeuranalogie* te behou om die subjektiwiteit van die persoon in die terapeutiese interpretasieproses te volg, en of hy sy werklikheidsbeskouing deur sy verstaan van verhaal afdwing op die persoon in terapie.

## 2.3 Verhaal as terapeutiese interpretasiestrategie

White sien 'n persoon se werklikheid as multi-gestorie (White & Epston 1990: 13 en White & Epston 1994: 93). Binne White se narratiewe terapie beskryf hy *probleem* as 'n persoon se uitvoering van 'n storie waarin die werklikheid nie voldoende representeer word nie. Hierdie storie kan ook as dominerend en / of onderdrukkend bestempel word. Die terapeutiese *oplossing* van hierdie probleem lê in die skep van

[4] White gebruik die terme "story" en "narrative" uitruilbaar om na dieselfde konsep te verwys (White & Epston 1994: 80). Vir die doeleindes van die artikel gebruik ek gevolglik die onderskeie terme *verhaal*, *storie* en *narratief* uitruilbaar om na dieselfde konsep te verwys. Sien (4) van hierdie artikel vir 'n omvattende uiteensetting van wat White onder *verhaal* verstaan.

[5] Sien p. 10 en 12 van hierdie artikel vir 'n uiteensetting van wat White onder "verhaal-uitvoering" verstaan.

'n ruimte waarin alternatiewe voorkeurstories ontwikkel word (White & Epston 1990: 15, 28, 31, 40 en White & Epston 1994: 76, 126).

'n Narratiewe benadering wat konsekwent volhou dat verhaal 'n verstaansvoorwaarde is benader terapeutiese probleem en –oplossing op die vlak van verhale se samehang. Hierdie samehang word beïnvloed deur die betrokke persoon se unieke, kontingente[6] om-gewing en eiesoortige interpretasie-optredes[7].

Die interpretatiewe, verhalende terapeutiese benadering vra dat ons beskouing van die hermeneutiese problematiek daarin fokus op die wyse waarop White verhale se samehang verken om die problematiese en belowende verstaansmoontlikhede hiervan te kan uitwys.

Terselfdertyd behoort ons nie uit die oog te verloor nie dat 'n terapeutiese verstaan van probleem en oplossing ook moontlik mag wees buite-om verhale se samehang: in ander interpretasieraamwerke, selfs in 'n moeilikheid wat ervaar word in terme van ervaring tot taal of tot storie maak. Laasgenoemde oorweging verwyd die ondersoekveld van verhalende samehang om ook daardie werklikheidstrukture te ondersoek wat geld as voorwaardes vir die vertel en aanhoor van stories.

Teen hierdie agtergrond word gevra na die hermeneutiese problematiek in White se narratiewe terapeutiese benadering. 'n Verkenning hiervan behels 'n meer omvattende studie as waarvoor 'n enkele artikel – wat as skripsie dien – ruimte laat. 'n Goeie beginpunt en eerste artikel in hierdie verkenning sou vra na wat White onder *verhaal* verstaan en watter interpretatiewe konteks hierdie verstaan beïnvloed. Verdere artikels behoort egter die gevolgtrekkings wat in die beantwoording van hierdie eerste vraag na vore gekom het, op te volg in 'n bestudering van hoe White se idee van *verhaal* neerslag vind in sy terapeutiese prosedures en watter hermeneutiese spanninge daarin ingebed lê.

Die sentrale vrae waarmee hierdie artikel gemoeid is, is die volgende: **(a) Wat verstaan Michael White onder *verhaal*? (b) Is hierdie verstaan konsistent met sy interpretatiewe werklikheidsbeskouing? (c) Watter metateoretiese aannames onderlê White se verstaan van verhaal?**

[6] Alhoewel White soms na *kontingensie* verwys (White & Epston 1994: 125), staan hierdie term as sulks nie sentraal in sy werke nie. Sinonieme terme, soos byvoorbeeld *gebeurtenis*, die *dinamiese* en *onbepaaldheid*, vervul egter wel 'n sentrale rol in sy teorie.
[7] Sien ook 6.1.3, veral paragraaf 3 en 4.

Ek werk met die volgende teses wat ek illustreer aan die hand van die geselekteerde tekste van White:

*(a) White verstaan* verhaal *as sy voorkeur-interpretasieraamwerk en omskryf* verhaal *deur te wys op die intertekstuele en die strukturele aard daarvan. White loop hom egter vas in 'n waarheidseis wat in sy verstaan van* verhaal *ingebou is en wat die persoon inkrimp tot 'n enkelself.*

*(b) White se verstaan van* verhaal *is inkonsistent met sy interpretatiewe werklikheidsbeskouing.*

*(c) White pretendeer dat daar geen vastighede is nie en dat die kontingente belangrik is, maar in verskuilde aannames kan hy nie anders as om te veronderstel dat daar vastighede is nie. Hierdie vastighede is gewortel in die persoon as outonome werklikheidskepper deur gebruikmaking van redelike berekenbaarheid.*

My basiese benadering is om die volhoubaarheid van White se terapeutiese benadering te toets aan die logiese konsekwentheid van die onderliggende teoreties-filosofiese begronding. Aan die hand van teenstrydighede hierin word (transendentaal) die fundamentele metateoretiese (ontologiese) spanninge na vore gebring.

In die analise konsentreer ek op primêre bronne. Daar is reeds vele studies oor White se werk beskikbaar. Die meeste daarvan val egter op die vlak van onkritiese uiteensetting en toepassing van sy terapeutiese strategie, sonder om die onderbou daarvan te ondervra (byvoorbeeld du Plessis 2002, du Plessis 2004, Diamond 1997 en Gremillion 2004). White is besonder invloedryk: hy bied internasionaal werkswinkels aan, verskeie studies word in verskillende lande oor hom gedoen en sy publikasies vorm die basis van vele verdere navorsing op die gebied van narratiewe terapie (Dulwich Centre 2005b). Hierdie studie wil dus ook 'n belangrike leemte invul aan die kant van 'n fundamentele kritiek.

Ek maak van die volgende argumente gebruik om bogenoemde hipoteses te begrond:

Eerstens, White se **interpretatiewe werklikheidsbeskouing** gaan reeds gebuk onder 'n spanning tussen 'n kontingente verstaan en 'n buite-kontingente betekenis wat bo-interpretatief rig, omdat hy kern-konsepte hanteer asof dit buite-om interpretatiewe mediëring verstaan kan word. *Gebeurtenis* word as pre-interpretatiewe ervaringseenheid teëgekom en word verstaan deur dit in 'n buite-kontingente *kousaliteitspatroon* van analogie-betekenis-gedragsoptrede te plaas. Analogie se skynbaar betekenis-bepalende rol word egter voorafgegaan deur die persoon se *voorkeur* vir 'n spesifieke analogie. Die *ondersoekkriteria* vir die bevoordeling van analogieë kan as berekeningsinstrumente gebruik word om van 'n voorkeur-werklikheid terug te werk na die nodige interpretasievoorwaardes wat gestel word om 'n voorkeur-eindbetekenis te "bereik".

Hierdie spanning word uiteraard op verhaal, as interpretasie-raamwerk, oorgedra.

Tweedens, White stel **verhaal as sy voorkeuranalogie** omdat dit 'n interpretatiewe, eerder as 'n objektiewe werklikheid veronderstel. Hy ondermyn sy interpretatiewe benadering egter deur juis *sy* gebruik van verhaal as verstaans- en objektiewe werklikheidsvoorwaarde te stel.

In die derde plek toon ek aan hoe White ten opsigte van die kontingente onbepaaldheid van stories die **vul van gapings** as eksklusief betekenisvol uitlig. Hierdeur word die persoon se vrye inisiatief as betekenisbron bo die interpretatiewe uitgelig. White dui immers nie aan dat die vul van gapings uit interpretasie kom en deur 'n interpretasie-netwerk verstaan behoort te word nie.

Vierdens, White se **onderskeid tussen gegewe en oorspronklike verhaal**, ge-eggo in die spanning tussen sosiaal-konstruksionisme en die opheffing daarvan in die persoon wat sy / haar eie verhaal(e) vertel, is inkonsistent met 'n interpretatiewe benadering waarin interpretasie altyd alreeds is.

Vyfdens, die landskap van bewussyn is 'n gedronge byvoeging in die verhaal-struktuur om ruimte te skep vir 'n **innerlike self as redigeerder van verhale** sodat die verhale inpas by 'n koherente self- en werklikheidsiening. Nie net word 'n objektiewe werklikheid hier tot verstaansvoorwaarde en representasie-eis gemaak nie, maar die karakter se innerlike wêreld word buite verhalende interpretasie tot redigerende, outonome self herlei.

## 3. WHITE SE INTERPRETATIEWE WERKLIKHEIDSBESKOUING

White stel dat kennis van die werklikheid afhanklik is van ervaring. Dit is egter onmoontlik om 'n objektiewe werklikheid te ken, en daarom vereis alle kennis 'n interpretasie-optrede waarin ervaring tot sin organiseer word (White & Epston 1990: 2 en White & Epston 1994: 78-79).

White is deur die werk van Gregory Bateson (1972, 1979)[8] bekendgestel aan die interpretatiewe metode. Hy verwys na Bateson se werk om te verduidelik dat daar 'n bepaalde ontvangskonteks / netwerk van premisse en veronderstellings is wat dien as kaarte (soos patrone) vir ons interpretasie van gebeurtenisse in ons ervaring (White & Epston 1990: 2). Enige stelling wat op betekenis aanspraak maak is interpretatief, en al sodanige stellings word bepaal deur ons kaarte / analogieë / interpretatiewe raamwerke[9]. Die analogieë wat ons gebruik bepaal dus watter betekenis aan gebeurtenisse toegeskryf word, asook die onderskeidings wat vanuit die wêreld "getrek" word[10] (White & Epston 1990: 5). Die toegeskryfde betekenis

[8] Bateson G
1972. *Steps to an ecology of mind.* New York: Ballantine Books.
Bateson G
1979. *Mind and nature: a necessary unit.* New York: Dutton.

[9] White gebruik die terme *kaarte*, *analogieë, patrone* en *interpretatiewe raamwerke* uitruilbaar (White & Epston 1990: 2, 5). Vir die doeleindes van hierdie artikel maak ek gevolglik ook op uitruilbare wyse gebruik van hierdie terme.

[10] White stel die volgende ten opsigte van analogieë wat betekenis-bepalend is:
"It is now widely accepted that any statement that postulates meaning is interpretative – that these statements are the outcome of an inquiry that is detemined by our maps or analogies, or, as Goffman (1974)* puts it, 'our interpretative frameworks'. Thus, the analogies that we employ determine our examination of the world: the questions we ask about events, the realities we construct, and the 'real' effects experienced by those parties to the inquiry. The analogies that we use detemine the very distinctions that we 'pull out' from the world." (White & Epston 1990: 5.)
Omdat die hele stelling in meervoudsvorm geskryf is kan die stelling op twee maniere verstaan word, naamlik (i) dat betekenis bepaal word deur alle analogieë gesamentlik / in hul samehang; of (ii) dat die betekenis wat bepaal word afhanklik is van die betrokke analogie wat gebruik word.
Watter een van hierdie interpretasies geldig is het belangrike implikasies vir my argument, veral in (5.2). Ek interpreteer White se stelling soos in die tweede moontlikheid gestel, sodat betekenis bepaal word deur die betrokke analogie wat gebruik word. My interpretasie rus grootliks op White se gebruik en toepassing van analogie en betekenis: in White en Epston (1990: 5-9) onderskei hy tussen verskeie analogieë, onder meer op grond van 'n kategoriese vergelyking waarin hy verskillende betekenismoontlikhede soos bepaal deur die onderskeie analogieë vergelyk. My interpretasie word ook ondersteun deurdat White nie verwys na hoe analogieë saambestaan, en hoe hierdie samehang die betekenis(se) sou bepaal nie. Hierdie gebrek aan 'n verduideliking (wat logies sou moes volg uit die tweede interpretasiemoontlikheid) sluit aan by White se bespreking van verskeie analogieë asof elke analogie 'n eie ontvangskonteks vorm wat betekenisbepalend is (White & Epston 1990: 7-8), wat my interpretasie verder steun.
*Goffman E
1961. *Asylums: essays in the social situation of mental patients and other inmates*. New

bepaal weer 'n persoon se gedrag (White & Epston 1990: 3). Om 'n aspek van ons ervaring te verstaan moet ons dus in staat wees om dit in 'n bekende ervaringspatroon in te pas (White & Epston 1994: 79-80). Ter beklemtoning kan hier na Bateson (1972) verwys word, wat volgens White en Epston (1990: 2) stel dat 'n onpatroonbare gebeurtenis nie vir oorlewing geselekteer sal word nie, en nie as "feit" sal bestaan nie.

Persone se analogie-voorkeur is multi-bepaald en sluit ideologiese faktore en kulturele praktyke in. 'n Persoon se verkose analogieë kan nie aan waarheid- of korrektheidskriteria onderwerp word nie. Die betrokke analogieë kan egter minstens tot 'n mate ondersoek word deur (a) hul praktyke binne die geskiedenis van sosiale denke te plaas, en (b) deur die gevolge van hul praktyke te ondersoek en te kritiseer (White & Epston 1990: 5).

## 4. WAT WHITE ONDER "VERHAAL" VERSTAAN

### 4.1 Verhaal as voorkeur-analogie

White bespreek verskeie interpretasieraamwerke, soos die analogie van die masjien, die kwasi-organisme, die ernstige spel, die voorkamerdrama, die oorgangsrite en die teks. White voel veral aangetrokke tot daardie analogieë wat nie 'n objektiewe werklikheid veronderstel nie. Daarom gee hy veral aandag aan die teksanalogie, spesifiek *verhaal*[11], as 'n voorkeurpatroon[12] om ervaring te interpreteer (White & Epston 1990: 4-9, 77-78).

---

York: Doubleday.

[11] White onderskei die narratiewe metafoor van gespreks- / linguistiese metafore binne 'n teks-benadering spesifiek ten opsigte van narratief se (i) dubbele landskapstruktuur, (ii) bepaaldheid, en narratief se (iii) onbepaaldheid binne die bepaaldheid (White & Epston 1994: 123-125).

[12] White benader *narratief* duidelik as voorkeur-analogie: hy stel byvoorbeeld dat "I currently prefer the text analogy or narrative metaphor for the framing of phenomena in therapy" (White & Epston 1994: 78). Hy maak egter die volgende opmerking, wat verwarrend kan wees in die lig van voetnoot 8: "In considering the text analogy, I perceived a family resemblance of ideas between the notion of map and the notion of narrative. However, the notion of narrative ... clearly has some advantage over the notion of map." (White & Epston 1990: 3.) Dit mag voorkom asof White *narratief* hier teenoor *kaart* opweeg as *interpretatiewe raamwerk*. Daar word egter nie hier na *kaart* verwys as interpretatiewe raamwerk-kategorie nie, maar eerder as 'n soort analogie wat gebruik kan word binne die groter interpretatiewe kategorie. Die verwysing na *narratief* verwys hier insgelyks na 'n soort analogie wat gebruik kan word binne die groter interpretatiewe kategorie.

Binne die teksanalogie is verhaal vir White 'n sleutelterm wat bepalend is ten opsigte van die organiseer en die tot-patroon-maak van ervaring. Storie bepaal betekenis, die ervaringsaspekte wat vir uitdrukking selekteer word en die konstituerende gevolge daarvan. Die stories waardeur persone leef konstitueer dus hul werklikheid, glo White (White & Epston 1990: 12, 40 en White & Epston 1994: 80-81).

Deur stories word spesifieke ervarings van gebeurtenisse in die verlede, hede of toekoms in 'n lineêre volgorde oor tyd verreken om sin te maak van die lewe en om by 'n koherente verrekening van die self en die wêreld uit te kom (White & Epston 1990: 10). 'n Persoon se lewe is in tekste gesitueer. Wanneer 'n persoon 'n teks lees en / of skryf word die betrokkene se leefervaring en verbeelding opgeroep om betekenis te kan uitvoer ("perform") in onderhandeling met die storie (White & Epston 1990: 12-13). In hierdie interpretasieproses struktureer ervaring en uitdrukking mekaar wedersyds, met die persoon se uitvoering van die storie wat sentraal staan ten opsigte van die konstitueer van sy / haar werklikheid (White & Epston 1994: 81).

White glo dat die teksanalogie met narratief as primêre interpretasieraamwerk dit moontlik maak om in terapie die sosiaal-politieke konteks te oorweeg (White & Epston 1990: 18, 27). Deur die narratiewe analogie verkry die persoon ook 'n sin van sy / haar lewe wat verander en van gebeurtenisse wat ontvou soos wat hy / sy beginne en eindes op ervaringsvloei konstrueer (White & Epston 1994: 80).

### 4.2 Verhaal se strukturele aard

White (1994: 87, 123-124) beskryf narratief se struktuur in terme van die idee van "dubbele landskappe". Hy maak hier veral gebruik van Bruner (1986)[13] en Griemas en Courtes (1976)[14] se idee dat stories saamgestel word deur dubbele landskappe. Stories bestaan binne 'n optrede-landskap en 'n bewussynslandskap.

#### 4.2.1 Die landskap van optrede

Volgens White (White & Epston 1994: 87, 123-124) word die landskap van optrede gekonstitueer deur gebeurtenisse wat in spesifieke, lineêre volgordes deur die

[13] Bruner J
1986. *Actual minds, possible worlds.* Cambridge: Harvard University Press.

[14] Griemas A & Courtes J
1976. The cognitive dimension of narrative discourse. *New Literary History* 7: 433-447.

temporale dimensie saamgebind word volgens spesifieke "plots" / handelingsreekse. Dit voorsien die leser van 'n perspektief op die tematiese ontvouing van gebeurtenisse oor tyd.

### 4.2.2 Die landskap van bewussyn

Die landskap van bewussyn word gekonstitueer deur die interpretasies van karakters en van die leser, soos wat hy / sy die karakters se bewussyn binnetree op uitnodiging van die skrywer. Die protagonis se innerlike wêreld word binne die landskap van bewussyn gerepresenteer, en sluit in wat die persoon dink, voel, waarneem, besef asook die persoon se gevolgtrekkings aangaande ontwikkelings in die landskap van optrede. 'n Groot deel van hierdie innerlike wêreld hou verband met die bepaal van karakters se voorkeure, kwaliteite, intensionele state en oortuigings. Dít word dan lewenstoegewydhede wat 'n persoon se spesifieke lewensloopbaan bepaal (White & Epston 1994: 87, 123-124, 131).

## 4.3 Verhaal se intertekstuele aard

Ten opsigte van die intertekstuele aard van *verhaal* stel White (White & Epston 1994: 93) dat die lewe gesitueer is in tekste binne tekste, en dat die lewe multi-gestorie is. Ek toon vervolgens aan hoe beide *verhaal* se bepaalbaarheid en onbepaalbaarheid hieruit verstaan kan word[15].

[15] Die feit dat White *verhaal* verstaan as dat dit beide bepaald en onbepaald is, is gewortel in 'n *konstitusionalistiese perspektief*. Hiervolgens word persone se lewens gevorm deur betekenisse wat hulle aan hul ervaring toeskryf, deur hul situasie in sosiale strukture, asook deur die taal- en kultuurpraktyke van die self en verhouding waartoe hulle opgeroep is. Verhaal se bepaaldheid en *sosiaal-konstruksionistiese* aard kan verstaan word in terme van die betrokke taal- en kultuurpraktyke, asook deur die situasie in sosiale strukture. Die betekenis wat 'n persoon aan ervaring toeskryf is egter tot 'n groot mate "oop", omdat bestaande verhale die veranderlike werklikheid nie kan "bevat" nie. 'n Persoon kan van hierdie inherente onbepaaldheid bewus gemaak word deur *dekonstruktiewe terapeutiese praktyke* wat die vreemdheid van alledaagse taal- en kultuurpraktyke, sosiale strukture en betekenisdraende verhale uitlig deur die objektivering daarvan. Met verwysing na Bourdieu (1988)* stel hy dat so 'n objektivering van persone se bekende wêreld hul meer bewus kan maak van die mate waartoe denk- en leefwyses ons bestaan vorm, sodat hulle *dan* in 'n posisie is om te kan *kies* om deur ander denk- en leefwyses te leef (White & Epston 1994: 121-136).
*Bourdieu P
1988. *Homo Academicus*. California: Stanford University Press.

### 4.3.1 Sosiaal-konstruksionistiese bepaaldheid

Aangaande verhale se bepaalbaarheid stel White (White & Epston 1994: 124-125) dat konstituerende stories omraam ("framed") word deur dominante kulturele kennisse wat 'n spesifieke idee van persoonskap en van verhoudings spesifiseer. Hierdie kanonieke dimensie word histories konstrueer en onderhandel in gemeenskappe binne die konteks van sosiale strukture en instellings. Synde dat die uitvoer van betekenis voorafgegaan moet word deur ervaring in stories te interpreteer, en dat stories eerstens uit die kanonieke gegee is, is alle stories tot 'n mate bepaald. Die oorsprong van persone se konstituerende stories lê dus in die kopieer van reeds-beskikbare en kultureel-gepaste stories (White & Epston 1994: 29, 83).

### 4.3.2 Kontingente onbepaaldheid

Stories het egter ook 'n onbepaalde aard. 'n Enkele verhaal kan selde alle kontingensies / gebeurlikhede hanteer wat vanuit die geleefde lewe ontstaan. Stories is vol gapings, inkonsekwenthede en weersprekings. Die onbepaalbaarheid / dubbelsinnigheid van 'n storie kan ook geleë wees in verskillende lesersperspektiewe, verskillende beskrywende metafore en in implisiete betekenis wat teenwoordig mag wees (White & Epston 1990: 12 en White & Epston 1994: 82, 93, 125).

Volgens White (White & Epston 1990: 12-13 en White & Epston 1994: 82-83, 85, 125) vereis stories se onbepaalde aard dat 'n persoon betrek word in 'n proses van oorspronklik-making om betekenis uit te voer. In hierdie uitvoer van betekenis onder leiding van die teks word die persoon se leefervaring en verbeelding opgeroep om gapings te vul deur die uitdruk van geselekteerde ervaringsaspekte. Elke uitvoering van 'n storie is 'n nuwe vertelling wat die vorige omvat en uitbrei. 'n Voortdurende herskryf van 'n persoon se lewe vind plaas soos wat stories binnegetree en tot 'n persoon se eie gemaak word. 'n Persoon se lewe sou dus beskryf kon word as die uitvoer van tekste.

White (White & Epston 1990: 77-83) volg Bruner (1986) na in laasgenoemde se onderskeid tussen die logies-wetenskaplike - en die narratiewe denkwyse as twee verskillende maniere om ervaring te orden en die werklikheid te konstrueer.

Die logies-wetenskaplike denkwyse word deur 'n indikatiewe stemming ("indicative mood") beheers, sodat die waarheidsdiskoerse eie aan hierdie denkwyse wil aantoon dat die wêreld seker en vas is[16]. 'n Goeie argument wil die werklikheid substansieer en maak gebruik van kriteria soos konsekwentheid en nie-weerspreking (White & Epston 1990: 78).

Die narratiewe denkwyse word deur 'n subjunktiewe stemming ("subjunctive mood"[17]) beheers en is vir White meer gepas om gebeure in menslike sisteme te interpreteer. Die werklikheid is oop, vaag, tydelik en veranderlik[18] en 'n goeie storie oortuig deur die lewensgelyksoortigheid[19] daarvan. Die kriteria wat geld vir 'n goeie storie is onversoenbaar met dié van 'n argument, want 'n goeie storie nie lei tot sekerhede nie, maar beklemtoon die subjunktiewe as altyd-nuwe moontlikhede in vertelling soos wat eindelose toevoegings ontstaan. *Verhaal* is vir White 'n middel om die kontingente werklikheid weer te gee. Daarom gebruik hy stories in sy narratiewe terapie om die subjunktiewe stemming op te roep en om die persepsie van 'n veranderende werklikheid aan te moedig (White & Epston 1990: 77-83, 217).

## 5. PROBLEME IN WHITE SE INTERPRETATIEWE WERKLIKHEIDSBESKOUING

White se interpretatiewe benadering blyk onderlê te word deur 'n spanning tussen 'n **kontingente verstaan** en 'n **buite-kontingente betekenis wat bo-interpretatief rig**. Sy stellings oor 'n interpretatiewe werklikheid sou konsistent wees met 'n verstaan in terme van samehangendhede (netwerke) as be-naderbare kontingensies, binne 'n persoon se dinamiese interpretasieraamwerk. Die volgende plaende vrae

[16] "The open, vague, temporary and changing nature of the world is rendered, by these truth discourses, closed, certain, fixed and permanent." (White & Epston 1994: 143.)

[17] 'White verwys na Turner (1986:43)* se uiteensetting van die subjunktivering-stemming / subjunktiewe wyse as "the mood of maybe, might be, as if, hypothesis, fantasy, conjecture, desire" (White & Epston 1990: 79). Hy haal ook vir Bruner (1986: 159) aan: "'to subjunctivize', to render the world less fixed, less banal, more susceptible to recreation" (White & Epston 1990: 217).

* Turner V
1986. Dewey, Dilthey, and drama: an essay in the anthropology of experience. Turner & Bruner 1986: 33-44.
Turner V & Bruner E (eds)
1986. The anthropology of experience. Chicago: University of Illinois Press.

[18] Sien aanhaling in voetnoot 16.

[19] "A good story and a well-formed argument are different natural kinds. ... what they convince of is fundamentally different: arguments convince one of their truth, stories of their lifelikeness." (Bruner 1986: 11.)
"The narrative mode of thought, on the other hand, is characterized by good stories that gain credence through their lifelikeness." (White & Epston 1990: 78.)

toon egter aan dat White sekere konsepte hanteer asof dit buite-om interpretatiewe mediëring verstaan kan word.

### 5.1 Gebeurtenis as pre-interpretatiewe ervaringseenheid

White stel dat ons interpretasie van die werklikheid geskied deur gebeurtenisse binne 'n ontvangskonteks se patrone te organiseer. Waarom gebeurtenisse uitsonder as ervaringseenhede, selfs voordat narratief as sy verkose interpretasiepatroon uitgelig word?

Wanneer *gebeurtenis* voorgestel word as skynbaar pre-interpretatief teëgekomde ervaringseenheid, word een van die belangrikste wisselwerkings wat terapeuties-hermeneuties verantwoord moet word, ontken: die wisselwerking tussen ervaring en 'n persoon se interpretasieveld, dikwels geïnisieer deur dít wat 'n persoon as gebeurtenis (in die sin van 'n "happening") interpreteer. Die afgeslotenheid wat in White se gebruik van gebeurtenis na vore kom bemoeilik 'n hermeneutiese opvolg van interpretatiewe betekenis gerig deur voorafgaande betekenisnetwerke.

### 5.2 Analogie – betekenis – gedragsoptrede as buite-kontingente kousaliteitspatroon: 'n kritiese beskouing

'n Verdere skynbaar onverklaarde uitsondering op die interpretatiewe reël sluit in White se gebruik van die volgende konsepte asof hulle kategories onderskeibaar, en "vas en afstandelik" genoeg is om in kousale verbindings gekoppel te word: *analogie*, wat lei tot 'n sekere *betekenis*, wat lei tot 'n sekere *gedragsoptrede*. White skep deur sy spesifieke verbinding van hierdie uitsonderings 'n buite-kontingente patroon wat bo-oor die kontingensie-netwerk gegooi word.

Gedrag word bepaal deur die betekenis wat aan gebeurtenisse toegeskryf word soos wat dit deur patrone in die ontvangskonteks van 'n persoon opgeneem word, stel White. Hier word 'n dubbele kousaliteit veronderstel: daar moet bepaal word watter "betekenis" watter "gedrag" veroorsaak, en dan moet daar bepaal word watter analogie tot hierdie betekenis gelei het.

Alhoewel White noem dat analogieë multi-bepaald is, kom dit voor asof interpretasie vir White "begin" by 'n analogie. Ervaring word van betekenis voorsien wanneer gebeurtenisse in 'n patroon van veronderstellings ingepas word. Ervarings kan nie

verstaan word indien dit nie inpas by 'n bekende ervaringspatroon nie. Tensy sulke onverstaanbare ervarings op spesifieke wyse buite 'n persoon se interpretasiepatrone 'n oproep kan maak op 'n persoon se verstaan (en White sê niks hieroor nie), kom dit voor asof betekenistoeskrywing sterk gebonde is aan die bestaande organiseringspatrone, selfs tot so 'n mate dat bestaande analogieë as eenrigting-voorwaarde aan ervaring gestel word. Verrassend genoeg gee White nie aandag aan die kreatiewe moontlikhede van die uitsonderings nie. Kuhn (1975: 52) beweer juis dat die onverwagte raakgesien kan word as nuwe ontdekking, en opgevolg word in die rigting van 'n nuwe paradigma.

White se kousaliteitsreeks veronderstel voorts dat "analogie", "betekenis" en "gedragsoptrede" as onderskeibare kategorieë teëgekom word, waarin verskillende analogieë, betekenisse en gedragsoptredes op só 'n wyse ingepas kan word dat 'n analogie-betekenis-gedragsoptrede-reeks uitgelig kan word teenoor elke ander analogie-betekenis-gedragsoptrede-reeks.

Om 'n spesifieke gedragsoptrede via betekenis terug te herlei na 'n spesifieke analogie is egter heelwat meer kompleks. 'n Gedragsoptrede kan van verskeie, selfs van botsende betekenisse voorsien word. Hierdie verskillende betekenisse kan van dieselfde analogie afkomstig wees, maar verskillende analogieë sou ook dieselfde betekenis aan 'n optrede kon toeken.

'n Analogie is per definisie altyd "'n analogie van..." en dus altyd alreeds deel van 'n simboliese taalsisteem. Die betrokke analogie kom tot stand deur ervaring en interpretasie, sodat analogie reeds tot 'n groot mate gedetermineer is deur 'n bepaalde betekenistoeskrywing wat op sy beurt voorafgegaan sou moes word deur 'n ander analogie, wat voorafgegaan word deur ervaring en interpretasie, *ad infinitum*[20].

Bogenoemde komplekse sirkelgang word onderbreek deur White se opheffing van sy eie interpretasieteoretiese vertrekpunte: die lê van sy kousale verband veronderstel 'n betekenistoeskrywing, maar hierdie betekenistoeskrywing blyk nié voorafgegaan te word deur 'n spesifieke analogie nie. Dit impliseer 'n "neutrale" posisie en vaste staanplek, moontlik gemaak deur 'n "oorspronklike" oorsprong waarin onderskeidelik

[20] Dieselfde probleem ten opsigte van analogie dring homself ook op ten opsigte van *verhaal* in die eerste paragraaf van 2.2: as storie 'n persoon se ervaring en betekenis bepaal, dan kan ervaring self nie ook die storie bepaal nie.

gedragsoptrede, betekenis en alle analogieë in hul kousale verbondenheid teëgekom kan word.

Die metateoretiese konsekwensie hiervan is 'n spanning tussen die kontingente interpretasie-netwerk en die kousale verbindingspatroon. Die kousaliteitspatroon wat White op die veel meer komplekse interpretasieruimte afdruk, sowel as sy self-weersprekende "begronding" daarvan, ondermyn sy pretensie om 'n persoon se subjektiwiteit in sy / haar eie interpretasie te eerbiedig. White verhef die kousaliteitspatroon in sy interpretasieteorie tot bo-interpretatiewe werklikheidsgrond. Dit weerhou hom daarvan om *die diverse lyne in die betrokke persoon se interpretasienetwerk* te volg as toegangspunt vir 'n verstaan van die problematiese. Dit strem ook die verkenning van terapeutiese moontlikhede geleë in die bewegingsmoontlikhede van analogieë in verhouding tot dít waarna hulle verwys en tot mekaar.

## 5.3 Ondersoekkriteria vir die bevoordeling van analogieë

Analogieë kan volgens White nie as "waar" of "korrek" beoordeel word nie, maar hul verkieslikheid kan wel ondersoek word (a) op grond van die gevolge van hul praktyke en (b) deur hul praktyke binne die geskiedenis van sosiale denke te plaas.

Hoekom juis hierdie twee faktore beklemtoon as evalueringsinstrumente vir 'n persoon se betrokke analogieë? Watter verhouding bestaan daar tussen analogie, praktyk, gevolge en sosiale geskiedenis, en watter interpretasiemoontlikhede word in hierdie verhouding ingebou sodat analogie teëgekom en beoordeel kan word *as analogie*? Dus, op watter wyse *bind* White 'n spesifieke stel praktyke aan 'n spesifieke analogie om via die gevolge dáárvan en via die sosiale geskiedenis waarbinne dit geplaas is ook 'n geskikte *afstand* te verkry vanwaar 'n oordeel oor die analogie uitgespreek kan word – sonder om daarop aanspraak te maak dat "die werklikheid" verstaan word?

### 5.3.1 Analogie en praktyk(e) se gevolg(e)

#### *5.3.1.1 Die verbinding van analogie met praktyk(e) en hul gevolg(e)*

White se verbinding van, eerstens, analogie en praktyk hou nie genoeg rekening met interpretatiewe verleggings, onsekerhede en spanninge wat binne hierdie verbinding

voorkom nie. Sy onsensitiwiteit vir die interpretatiewe moment ingebed in hierdie verbinding suggereer dat White 'n vanselfsprekende verstaan van die verbondenheid tussen 'n analogie en 'n spesifieke stel praktyke veronderstel.

Interpretatiewe komplikasies in só 'n verbinding sluit egter in dat verskillende analogieë oorvleuelende en, selfs gelyktydig, botsende praktyke het. 'n Enkele analogie hoef ook nie noodwendig 'n stel praktyke te hê wat "bymekaar pas" nie. Voorts, 'n analogie se praktyke is nie noodwendig almal onmiddellik duidelik nie en 'n analogie se praktyke sou ook kon verander soos wat die analogie se interaksie met ervaring, die bewuswees en lees van ditself en die interaksie daarvan met ander analogieë verander. 'n Persoon se eiesoortige organisering van analogieë se samehang en die wisselwerking daarvan met ervaring is hier uiters belangrik om te kan begin verstaan watter analogieë by watter praktyke hoort.

'n Analogie beweeg as "'n analogie van...", as 'n soort logiese parallel binne die ruimte wat die "oorspronklike" waaraan dit analoog is, moontlik maak. Indien *geen* vaste werklikheid egter erken word nie en betekenis *altyd* via taal tot stand kom, soos by White, syfer die "oorspronklike" weg as bloot-talige struis ("trace") binne 'n bewegende taallandskap. In so 'n geval is die verbinding tussen analogie en praktyke bloot afhanklik van die reëls wat binne 'n persoon se talige interpretasienetwerk geld, en is 'n "analogie" en "praktyk" uitruilbare begrippe insoverre dit in die betrokke persoon se interpretasienetwerk rondgeskuif kan word. Soortgelyke komplikasies geld die verdere verbinding in die interpretasieketting, naamlik die koppeling van praktyke met "die gevolge daarvan".

Impliseer White dan dat elke persoon se werklikheid subjektief, dinamies en primêr talig is, sodat eindelose intersimboliese moontlikhede enige gewenste, selfs verbeelde, analogie / praktyk / gevolg-verbinding kan verwerklik? Dit is moontlik, en so 'n implikasie kan gesien word as konsistent met sy stellings oor interpretasie, terwyl dit ook bogenoemde ignorering van kompleksiteit en subjektiwiteit verbonde aan die verbinding beklemtoon.

Wanneer ons hierdie implikasie egter aanvaar en lees teenoor White se vanselfsprekende verbinding van analogie / praktyk binne sy interpretatiewe, *terapeutiese* benadering ontstaan daar uiters dringende hermeneutiese vrae:

- Hoe sou 'n gedeelde verstaan tussen die betrokke persoon en terapeut moontlik wees indien slegs subjektiewe, dinamiese talige wêrelde moontlik is?
- Waarom is terapie enigsins nodig, indien geen vaste betekenis moontlik is nie en ander taalskuiwe bloot gemaak kan word om 'n terapeutiese uitkoms te verkry?
- En, waarom is terapie nodig indien dinamiese sinsnetwerke geen vaste, langer-durende betekenis veronderstel nie – vandag se probleem hoef dan tog nie môre steeds 'n probleem te wees nie?

White verwys glad nie na hierdie vrae nie: hy oorweeg dus waarskynlik nie bogenoemde implikasie nie. Hierdie verswyging en vanselfsprekende analogie / praktyk / gevolg-verbinding word akuut problematies wanneer in ag geneem word dat hierdie verbinding as beoordelingsmaatstaf gebruik word:

- Hoe word daar terapeuties omgegaan met hierdie verbinding in die identifiseer en hanteer van die probleem?
- As beide die terapeut en die betrokke persoon vasgeval is in betekenisnetwerke, *wie* is dit wat *weet* wat die verhouding tussen "analogie-en-praktyk" is? Is dit (i) die persoon self by hom- / haarself; (ii) die terapeut-in-die-algemeen wat die betrokke persoon daarvan bewus moet maak; of (iii) White as teoretikus wat sowel die interne betekeniswerking van die persoon as die verhouding tussen terapeut en persoon verstaan?

Hieruit spruit nogeens 'n metateoretiese konsekwensie voort, naamlik 'n spanning tussen 'n kontingente, talige, geheel-subjektiewe werklikheid enersyds, en die veronderstelling van "iemand" wat vanselfsprekend weet hoe om die analogie / praktyk / gevolg-verbinding te maak in die ondersoek na die verkieslikheid van 'n analogie andersyds. Eersgenoemde is terapeuties-hermeneuties moeilik houdbaar, terwyl laasgenoemde teenstrydig is met White se interpretatiewe werklikheid.

*5.3.1.2 Die afstand tussen analogie, en die verbinding van analogie-praktyk(e)-gevolg(e)*

'n Beoordelingsmaatstaf veronderstel 'n bepaalde afstand van dít wat evalueer word. By White is daar nie meer sprake van 'n objektiewe werklikheid waarvan die representatiewe afstand 'n maatstaf word van representatiewe juistheid nie. White

erken ook nie 'n eksterne, rigtende bron van die evaluatiewe nie. Dit is dus belangrik dat White verduidelik watter evaluatiewe afstand dit vir die gevolge van praktyke moontlik maak om – ten spyte daarvan dat hulle nie buite die interpretatiewe werklikheid kan heenwys nie – binne die interpretatiewe werklikheid 'n meta-stellende funksie te hê (dit wil sê as 'n vaste verwysingspunt te dien).

White probeer om die bo-interpretatiewe te vermy, en in die proses blyk sy evaluatiewe benadering die oordeelsmaatstaf uit te stel na "meetbare" gevolge wat terugwys na die analogie se geskiktheid. Hierdie gevolge bly egter 'n uitgesteldheid omdat gevolge slegs, gemeet aan bepaalde normatiewe maatstawwe, 'n evalueringsmaatstaf kan word. White maak egter geensins melding van sodanige normatiewe maatstawwe nie. Hierdie verswyging laat die vraag na die bo-interpretatiewe / interpretatief-rigtende as beoordelingsmaatstaf egter nie verdwyn nie, maar klop na 'n antwoord: in terme waarvan gaan die gevolge vir ons vertel of die analogie gunstig beoordeel moet word, of nie?

Die interpretatief-rigtende kan nie bloot "by nabaat" deur gevolge aan die eindpunt verstaan word nie. Sodanige verstaan van evaluering word vervlak tot die preskriptiewe wat uit 'n deskriptiewe niveau gelees moet word. Hierdie vervlakking misken die evaluatiewe waaruit die deskriptiewe egter tot stand gekom het – wat ookal die grond van die evaluatiewe sou wees.

So 'n vervlakking word duideliker sigbaar wanneer daar in ag geneem word dat 'n analogie waarskynlik nie net een gevolg het wat via die praktyke daarvan tot stand kom nie, maar eerder 'n reeks van gevolge. Gaan al hierdie gevolge in ag geneem word in die beoordeling van die analogie? Om alle gevolge as beoordelingsmaatstaf haalbaar te maak moet daar by voorbaat veronderstel word dat gevolge tematies eenders gaan lyk. Dit kan egter nie geweet word as die evaluatiewe as basisdimensie ontken word nie. Gaan sekere gevolge dan meer "tel" as ander, sodat 'n groot positiewe gevolg 'n paar negatiewe kleintjies ongedaan kan maak? Watter formule sou hierdie bykans teleologiese ontologie rig?

### 5.3.2 Analogie en praktyke binne die geskiedenis van sosiale denke

White se tweede beoordelingskriterium veronderstel ook 'n *verbinding* tussen analogie en praktyk en dieselfde besware as in (5.3.1.1) geld dus ook ten opsigte van hierdie kriterium. Wanneer praktyke egter gelees moet word binne "die

geskiedenis van sosiale denke" word 'n persoon se interpretasie van "die geskiedenis" natuurlik verder gekompliseer en gemedieer deur verskillende skrywers se variërende interpretasies van "die" geskiedenis. Die "oorspronklike" analogie wat hier veronderstel word behels sowel 'n afstand van die geskiedenisskrywer se leidende analogie(ë) as 'n invalshoek wat bepaal word deur die geskiedenisskrywer se analogie(ë). Metateoreties gesproke is hier 'n akute spanning tussen kontingente verstaan en buite-kontingente, rigtende betekenis.

Indien White geskiedenis as 'n breër vorm van gevolge sien waaruit "by nabaat" evaluatiewe afleidings gemaak kan word, geld dieselfde kritiek ten opsigte van die afstand tussen beoordelingsmaatstaf en dit wat beoordeel word as in (5.3.1.2).

Dit kom voor asof gevolge en geskiedenis as evaluatiewe kategorieë inmekaarsak omdat White die afstand vir beoordeling interpretatief naïef en / of verdag benader: gevolge en geskiedenis word sonder motivering tot beoordelingskriteria verhef. Die beoordelingskriteria self word inhoudloos gelaat, en sowel gevolge as geskiedenis word as dié gevolge wat afleesbaar is van die deskriptiewe analogieë, sowel evaluatief-skeppend as preskriptief gestel. Gevolge en geskiedenis geld dus as gelyktydige begin- en eindpunt wat ontologies-rigtend sowel as waarde-bepalend is, sonder dat White ooit duidelik maak hoe hulle self buite hierdie hermeneutiese sirkel kan tree.

### 5.3.3 Voorkeur as pre-interpretatiewe maatstaf

White bespreek analogieë as verkieslik, of nie, vir 'n persoon. Die verbindings in 5.3.1 en 5.3.2 kan interpreteer word as 'n hulpmiddel vir White om te bepaal of 'n spesifieke analogie vir 'n persoon verkieslik is, al dan nie. In so 'n geval word die beoordelingsafstand waarna in 5.3 verwys is oorbrug deur 'n persoon se *"voorkeur"*.

Aangesien 'n persoon ervaring van betekenis voorsien deur dit op te neem binne interpretasieraamwerke / analogieë, kan "voorkeur" slegs as rigtend vir die bestaan van analogieë verstaan word indien White aan "voorkeur" 'n pre-interpretatiewe status toeken, sodat direkte toegang tot voorkeur moontlik is.

Hierdie opheffing van interpretatiewe betekenis veronderstel 'n persoon met sterk konstitutiewe magte ten opsigte van die wyse waarop ervaring in bestaande interpretasiepatrone organiseer word. Dié konstitutiewe magte word egter uitgebrei

om die skep van 'n voorkeur-analogie in te sluit, wat kenbaar is in terme van 'n kernself tot wie se wil 'n persoon direkte toegang het. Deur middel van so 'n voorkeur-analogie kan 'n persoon dan tuisgemaakte, pasklaar "inpasmoontlikhede" aan die werklikheid stel.

Op metateoretiese vlak speel weereens 'n spanning af: dié tussen 'n verstaan deur interpretasie, teenoor die skep van 'n werklikheid deur 'n persoon se wil (wat ontologies beheers sonder dat interpretatiewe verstaan 'n rol speel in die ken van die wil).

## 5.4 Interpretatiewe werklikheid, bo-interpretatiewe self?

Indien die werklikheid tot stand kom in die organiseer van ervaring moet 'n minimum self bestaan om via die kulturele interpretasiestrukture vorm te gee aan die werklikheid. 'n Minimum-voorwaarde vir die erkenning van 'n persoon se subjektiwiteit sou geleë wees hierin:

- om die betrokkene se interpretasieveld as histories-linguïsties geïntegreerde veld te benader
- deur sy/haar interpretatiewe optrede binne die kontingente veld van ervaringsinvloede fyn af te lees
- en om daarin patrone van persoonlike inisiatief te vind.

White se hantering van die persoon en sy / haar subjektiwiteit binne 'n interpretatiewe werklikheid is egter besonder lomp. Hy stel dat sy interpretatiewe oriëntasie beïnvloed is deur (onder meer) 'n aanvaarding van Foucault (1980)[21] se werk oor kennis en mag. White probeer om oorspronge soos motiverings en oorsake in sy interpretasies te vermy (White & Epston 1990: 22-32 en White & Epston 1995: 121-122) en vind die idee van die essensialistiese self, vroeër dominant in die Weste, onbevredigend (White & Epston 1994: 12-24).

Ten spyte hiervan werk hy met *eie voorkeur* as oorsprong komende van die Persoon. Hierteenoor plaas White *gebeurtenis* as ervaringseenheid. Dít stel 'n persoon in staat om op byna fragmentariese wyse brokke ervaring via 'n voorkeur-"einddoel" tot sin te maak in 'n kousaliteitsketting. Instede daarvan om 'n simboliese netwerk se

[21] Foucault M
1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings.* New York: Pantheon Books.

samehang te verken, vervlak White die interpretatiewe benadering tot die gebruik van 'n meganistiese verbindingsreeks waarin die bo-interpretatiewe self van die "terapeut" van 'n berekenbare eindpunt terug kan beweeg na die interpretasievoorwaardes wat nodig is om 'n voorkeurwerklikheid te skep.

Die sterk outonome magte wat White aan die persoon toeken ontbloot hier 'n baie sterk modernistiese ingesteldheid[22]. Volgens Venter (1999: 18-46) word die mens in die Moderne Tyd self-skeppende doel-op-homself en daarmee ook doel van die "natuur". Daarmee is die mens beide iets natuurliks en bonatuurliks (doel-op-homself). Omdat die "natuur" ook die algemene verklaringsbasis word, speel die volledige ontologie van die Moderne Tyd hom af as die "verhaal" van vooruitgang van "natuur" na "kultuur" (rasionaliteit) en word die "werklikheid" dieselfde as geskiedenis. White se persoon se "werklikheid" word uit 'n verskeidenheid interpretasiemoontlikhede konstrueer tot ('n) toekomsgerigte geskiedenis(se) gegrond op redelike berekenbaarheid.

### 5.5 Gevare in die terapeutiese praktyk

Wanneer White bogenoemde inkonsistensies toelaat om sy interpretatiewe werklikheid binne te sluip is die konsekwensie dat die buite-kontingente betekenisse as "vastighede" 'n bevoorregte, rigtende status binne die interpretasie-proses verkry. Dit is gevaarlik omdat die buite-kontingente betekenisse nie as sodanig uitgelig word

[22] Middleton en Walsh (1995: 28-45) argumenteer dat postmodernisme fundamenteel 'n intensivering van die modernisme se outonomiteitsideaal is, terwyl dit die realisme wat ook eie aan die modernisme is, verwerp. White se antropologiese visie sou binne so 'n benadering as postmodern tipeer kan word.
Ook Toulmin (1990) kritiseer die onderskeid tussen modern en postmodern met eersgenoemde getipeer as rasionalisties en universalisties en laasgenoemde as irrasioneel en gefokus op die partikuliere. Toulmin verdeel Modernisme eerder in drie fases, waarvan die eerste, humanistiese fase sterk klem lê op die orale, partikuliere, plaaslike en tydelike. Hierteenoor fokus die tweede fase – wat hy as die standaard-verrekening van die modernisme sien – op die geskrewe, universele, algemene en tydlose. Die huidige postmodernisme kan as derde fase van die Modernisme gesien word, met 'n beklemtoning van veral die eerste fase se kenmerke. Teen hierdie agtergrond sou White se benadering tuishoort binne die derde fase van modernisme met 'n naderbeweeg aan die eerste fase se humanistiese outonomiteitsideaal.
Dat die outonomiteitsideaal moontlik binne die modernisme sowel as die postmodernisme tuishoort beteken nie dat White se benadering meer konsekwent is nie. Ek argumenteer in (7) met verwysing na Duvenage (1969) dat die outonomiteitsideaal in White 'n interne spanning van kontingensie teenoor 'n vastigheid en redelike berekenbaarheid bevat.
Molesworth (1999) se ontleding van die postmoderne psigoterapieë sluit by hierdie gedagtes aan deur te stel dat White die sentrale moderne individualisme-waardes van vryheid, outonomiteit en self-vorming uitbrei.

nie, sodat hul bevoorregte status in 'n terapeutiese gesprek moeilik bespreek kan word. 'n Persoon het dan 'n besondere moeilikheid om sy/haar probleem en terapeutiese verstaan daarvan te benader binne sy / haar eie interpretasieraamwerk met sy / haar eiesoortige kontingensies.

Wanneer White bo-interpretatiewe konsepte kousaal verbind en dit boonop geïsoleer van sy andersins interpretatiewe werklikheid gebruik, (i) ontneem dit die persoon van sy/haar eie vaste "waarhede" (want daar is slegs interpretasie, nie representatiewe waarhede nie); en (ii) ontneem dit hom / haar selfs van 'n kontingente staanplek vanwaar 'n minimum self sy/haar ervaring in terme van (onder meer) die historiese en linguistiese uniek-geïntegreerde interpretasie-optredes kan benader; (iii) want die eintlike verstaan van die persoon se probleme lê in die terapeut se bo-interpretatiewe kousale patroon. Selfs die soepelheid van deel-geheelverhoudings wat 'n persoon voortdurend sou kon herbesoek in die verstaan van sy/haar omringende interpretasieruimte word hier tot brokke gemaak in *White* se opbreek en aanmekaar las van 'n persoon se werklikheid. White se buite-kontingente betekenisse funksioneer in so 'n geval selfs soos universele konsepte wat deur hom só gebruik word dat dit noodwendig hermeneuties rigting gee aan *beide sy eie en die kliënt se interpretasie*. White se uitgesproke gekantheid teen universele konsepte wat in terapie op die kliënt afgedwing word (White & Epston 1990: 77-78) dien hier ter illustrasie van die spanning in sy interpretatiewe benadering.

## 6. SPANNINGE EN INKONSEKWENTHEDE BINNE WHITE SE VERSTAAN VAN *VERHAAL*

White se gebruik van *verhaal* as voorkeur-interpretatiewe raamwerk binne sy interpretatiewe benadering is swaar belaai met plaende kwessies. Die volgende uiteensetting van spanninge en inkonsekwenthede in sy gebruik van *verhaal* ontbloot 'n vasgevangenheid tussen 'n **kontingensie-eis** en 'n **drang na vastigheid**.

### 6.1 Verhaal as voorkeur-analogie

White verkies om narratief as interpretatiewe raamwerk te gebruik. Ek argumenteer dat hy nie daarin slaag om narratief as voorkeur binne sy interpretatiewe werklikheid te behou nie, maar dat hy eerder *sy eie voorkeur* as verstaans- en werklikheidsvoorwaarde stel. Dit bots lynreg met sy strewe om juis daardie interpretasieraamwerke te gebruik wat nie 'n objektiewe werklikheid veronderstel nie.

Hieronder pas ek White se beoordelingskriteria vir 'n analogie toe op sy voorkeur. Ek toon aan dat sy voorkeur nie verduidelik kan word uit sy beoordelingskriteria – wat pretendeer om slegs die kontingente in ag te neem - alleen nie. Daarna probeer ek aantoon dat White se voorkeur vir narratief deur 'n dieper aanname en representatiewe werklikheidsidee bepaal word wat in stryd is met sy interpretatiewe werklikheidsbeskouing. Ek sluit hierdie afdeling af met 'n bespreking van enkele belangrike terapeutiese implikasies van die spanning tussen die kontingensie-eis van 'n interpretatiewe benadering en die vastigheid wat White daarteenoor stel.

### 6.1.1 White se beoordelingskriteria toegepas

White beoordeel analogieë deur hul praktyke se gevolge[23] en deur hul praktyke binne die geskiedenis van sosiale denke te plaas[24]. Beoordeel hy sy eie voorkeur-analogie ook volgens hierdie kriteria? Nie eksplisiet nie. Ek gaan egter probeer om sy eie beoordelingskriteria op sy gebruik van *verhaal* toe te pas om vas te stel of sy interpretatiewe benadering konsistent is met sy gebruik van verhaal.

White blyk verhaal se praktyke te sien as die uitdruk van verandering en van die sosiaal-politieke konteks, met die subjunktiveer van die werklikheid as die gevolg daarvan[25]. Wanneer White hierdie praktyke "in die geskiedenis van sosiale denke" plaas, maak hy gebruik van 'n onderskeid tussen 'n ouer rasionaliteitstradisie met universele waarheidsaansprake, teenoor die meer onlangse narratiewe benadering wat klem lê op verandering en 'n "oop" werklikheid[26].

Hoe sou narratief se subjunktiveer van die werklikheid as positief of negatief beoordeel kan word? Die subjunktiveringsgevolg is nie self 'n voldoende kriterium om die analogie te beoordeel nie [27]. Dit kom voor asof White die subjunktiveringsvermoë van *verhaal* egter as vanselfsprekend positief sien: hy sien narratief as by uitstek geskik om verandering aan te toon en glo dat narratief, as dit goed is, die werklikheid subjunktiveer deur juis op verandering klem te plaas. Hierdie

[23] Sien 5.3.1.
[24] Sien 5.3.2
[25] Sien 4.1 en 4.3.2
[26] Sien 4.3.2
[27] Sien 5.3.1.2, veral paragraaf 2 en 3, waar ek in my kritiek op White se interpretatiewe beskouing reeds aantoon dat die gevolge van 'n analogie se praktyke alleen nie 'n geslaagde beoordelingskriterium kan wees nie, omdat die preskriptiewe nie uit die deskriptiewe afleibaar is sonder die byhaal van 'n ekstra normatiewe maatstaf nie.

preskriptiewe idee van narratief is egter nie af te lees uit sy eerste beoordelingskriterium nie. Ook sy plasing van narratief se praktyke binne die historiese onderskeid tussen logies-wetenskaplike en narratiewe denkwyse (sy tweede beoordelingskriterium) kan *as sulks* nie vir ons vertel dat narratief se veranderingsklem positief is nie.

Voorts, dit kom voor asof White 'n neiging het om bepaalde gevolge van narratief uit te lig en te bevoorkeur. Hy laat die aandag eensydig val op (i) (a) 'n "gevolg"-leesstrategie, waarby (b) 'n ongefundeerde voorkeur vir *spesifieke* (subjunktiverende) gevolge op die voorgrond staan. Sonder om hom daaroor te verantwoord, vermy hy opsies soos byvoorbeeld: (ii) 'n strukturele leesmetode soos dié van die vroeë Roland Barthes (1966, 1977), waar die begrensende logika onderliggend is aan die onbegrensde betekenis, en (iii) 'n rubriek- en herhalingsfunksiemetode, waarin narratief 'n persoon se ervaring integreer met 'n groter geheel (Apfelbaum 2002: 9-17, Willies 1996 en Willies 1998).

Dit is duidelik dat die gevolge wat White verkies om raak te lees in narratief as veranderingsagent (naamlik dat dit die werklikheid subjunktiveer) nie verklaar kan word uit narratief self, of uit "die geskiedenis", of vanuit "die gevolge" as enige, mono-teëgekomde bo-interpretatiewe entiteit nie. Hierdie gevolge word preskriptief voorgestel, maar hierdie preskriptiwiteit lê ingebed in White se groter werklikheidsbeeld wat hy reeds as "waar" evalueer het.

### 6.1.2 Die waarheidseis as beoordelingskriterium

White stel dat die werklikheid gekenmerk word deur voortdurende verandering (White & Epston 1994: 143) en dat verhaal by uitstek geskik is om verandering aan te toon (White & Epston 1994: 80). 'n Goeie verhaal is lewensgelyksoortig en subjunktiveer die werklikheid (White & Epston 1990: 77-83).

Indien 'n "goeie" voorbeeld van sy voorkeur- en dominante interpretasiepatroon daarin slaag om te oortuig as "soos die lewe", klink dit na 'n kriterium wat baie sterk leun op 'n buite-mentale werklikheid ("die lewe") wat toeganklik is as representatiewe beoordelingsmaatstaf. "Verhaal" is nou ook nie meer bloot White se eie voorkeur-analogie nie – dit word nou, *gemeet aan "die werklikheid"*, 'n uiters geskikte instrument om daardie werklikheid getrou volgens die eie aard daarvan weer te gee.

Omdat White narratief sien as by uitstek geskik om verandering aan te toon, en hy tegelykertyd ook 'n preskriptiewe idee van narratief voorstaan (waarvolgens 'n goeie verhaal die werklikheid subjunktiveer deur juis op die verandering klem te plaas), beland White in 'n soort sirkelargument: sy idee van "narratief" word reeds sterk beïnvloed deur sy idee van "die werklikheid". Narratief kan ons egter nie vertel wat "die werklikheid" is nie – White lê tog sterk klem op die veranderende aard daarvan, asook op narratief se vermoë om verandering te laat sien.

Agter narratief se belang vir White blyk 'n dieper metateoretiese aanname te lê: die universaliteit van verandering self. Hierdie universele aanname ten grondslag van sy narratiewe benadering is in stryd met sowel White se interpretatiewe benadering as sy beoordelingskriteria.

### 6.1.3 Terapeutiese implikasies

Wanneer White se omskrywing van *probleem* en *oplossing* konsistent met sy narratiewe terapeutiese benadering[28] gelees word, sou terapeutiese probleem en – oplossing op die vlak van verhale se samehang lê: indien geen werklikheid of betekenis buite interpretasie moontlik is nie, en verhaal 'n primêre interpretasieraamwerk is, dan kan 'n dominerende en 'n voorkeurverhaal slegs afgelees word van die samehang tussen verhale, en tussen verhale en ander interpretasieraamwerke.

Dit is belangrik om vas te stel hoe White die samehangende moontlikhede van die verhalende as veranderingsagent in terapie benader.

Die (h)erkenning van die problematiese as sodanig, selfs nog net die aanvoeling van 'n tipe "moeilikheid", sal in 'n konsistente verhalende benadering op komplekse wyse saamhang met 'n persoon se verhale-netwerk, met die organiseringsbeginsel wat hierdie web van stories rig en met die persoon se dinamiese wisselwerking met sy/haar omgewing, insluitend sy/haar interaksie met ander persone.

Die skep van 'n ruimte vir die uitvoer van 'n "oplossingstorie" staan insgelyks nie "langsaan" 'n persoon se interpretatiewe ruimte nie. Die uithol van 'n oplossingsruimte vind binne die persoon se komplekse en dinamiese

[28] Sien 2.3, paragraaf 1 van hierdie artikel vir 'n uiteensetting van wat White onder *probleem* en *oplossing* verstaan.

interpretasieruimte[29] plaas, terwyl hierdie interpretasieruimte ook reeds verreken en verken behoort te word as verskillend, maar nie geïsoleer nie, van die interpretasieruimte wat binnegegaan is met die problematiese as ingangspunt.

'n Terapeutiese benadering van 'n persoon se organisering van ervaring in interpretasie veronderstel 'n bepaalde reëlmatigheid, hoe subjektief en kompleks ook al. Om 'n probleem as probleem te herken moet daar reëlmaat wees, van 'n goeie soort, en 'n reëlmaat van 'n slegte soort, wat as "afwykend" / "onaanvaarbaar" beleef word. 'n Enkele afwyking is weinig problematies, tensy ons reëlmaat van terugkeer van dié afwyking verwag. Implisiet dus is daar meer as verandering ter sprake: daar is vastheid in begeerte van die "goeie" – en dus 'n vastheid van besef van die "goeie", en 'n korrelasie daarmee in vastheid van besef van die "slegte" en vermyding daarvan.

Hierdie komplekse samehangendheid kan binne 'n interpretatiewe benadering slegs binne 'n persoon se eiesoortige organisering van sy / haar kontingente werklikheid verstaan word. White se verstaan en inagneming van die betrokke persoon se subjektiwiteit as ingangspunt word sterk gerem deur die volgende hermeneuties-problematiese implikasies vir sy terapie:

Aangesien narratief vir White 'n interpretasienetwerk is waarvolgens ervaring tot sin organiseer word, en hierdie sin-skepping die werklikheid behoort te subjunktiveer, word sin-skepping verhistoriseer, verindividualiseer en absoluut kontingent gemaak. Om narratief te karakteriseer as werklikheid-subjunktiverend maak narratief tot veranderingsagent. Indien narratief primêr veranderingsagent is, kan daar van geen interpretatiewe raamwerk as stellende analogie oor tyd gepraat word nie, omdat verhaal se interpretasies altyd weer van betekenis ontdaan word in die volgende interpretasie. Dit sou, volgens White, dan ook moontlik wees om uit 'n enkele verhaal se "gevolge" tot terapeutiese probleem-verstaan en –oplossing te kom. Elke persoon het egter 'n legio moontlike verhale te vertel, met elke verhaal 'n verskeidenheid van betekenis- en veranderingsmoontlikhede. Die chaotiese verskeidenheid wat na vore kom wanneer die verhalende samehang nie verreken word nie, fragmenteer 'n persoon se verstaansnetwerk. Dié sterk kontingente implikasie ondermyn enige reëlmaat van 'n onderskei tussen die goeie en die slegte

[29] Interpretasieruimte word hier ter wille van duidelikheid onderskei van verhaleruimte. Waar laasgenoemde dui op verhale se samehang met mekaar, sou interpretasieruimte verwys na verhale in hul samehang asook die organiseringsbeginsel van hul samehang en hul interaktiewe wisselwerking met die persoon se omgewing.

vir 'n persoon. In so 'n geval is dit onmoontlik, en selfs onsinnig, om van terapeutiese probleem en –oplossing te praat.

Dit is duidelik dat White se geïmpliseerde verabsoluterende kontingensie nie terapeuties houdbaar is nie. Dit is egter belangrik om vas te stel watter strategieë White inspan om wél terapeuties met verhaal as veranderingsagent om te gaan. Indien 'n verhalende samehang veronderstel moet word om narratief terapeuties te kan benut, maar die betrokke persoon se komplekse samehangendheid met unieke verstaans- en veranderingsmoontlikhede word nie in berekening gebring nie, *watter beginsel vervang die samehangende moontlikhede van 'n persoon se verstaansnetwerk as invalshoek?* Staan White verandering ter wille van verandering voor, of benader hy verhaal as veranderingsagent waar die werklikheid "voorgelees" word oor hoe dit behoort te verander? Teenoor eersgenoemde staan die onmoontlikheid van terapeutiese optrede en hermeneutiese verstaan en teenoor laasgenoemde 'n vraag oor *wie* aan die werklikheid sy / haar voorkeur-werklikheid voorlees.

Aangesien White nie die samehangende moontlikhede van die verhalende as veranderingsagent benader nie, is dit baie onwaarskynlik dat hy 'n persoon se unieke werklikheidsbelewing sou "aflees" in sy / haar spesifieke organisasie van verhale om betekenis en betekenisgapings. Voorts, sy voorkeur is *as voorkeur* verdag, omdat hy: (i) 'n objektief-representatiewe werklikheidsiening verwerp; maar (ii) sy eie werklikheidsiening op 'n representatiewe manier tot verhaalvoorskrif maak; en (iii) omdat hy (ii) skynbaar nie (h)erken nie. Dit is gevaarlik omdat *sy waarheid* impliseer dat *die-persoon-in-terapie* se optrede heeltemal konsekwent moet wees met daardie waarheid. Dit sou beteken dat wanneer White hierdie verhaal-analogie in terapie gebruik dit reeds daarop gerig is om vorm te gee aan sy idee van die werklikheid, eerder as om die betrokke persoon in staat te stel om tot 'n eie terapeutiese verstaan van sy / haar werklikheid te kom. Die metateoretiese gevolg is die spanning tussen die subjektiwiteit van die persoon en White se versweë waarheidseis.

Dit sou insiggewend wees om in White se narratiewe terapeutiese optrede op te let na hoe sy spesifieke idee van narratief as leidende interpretasieraamwerk uitgespeel word teenoor sy aanmoediging van 'n persoon om *sy / haar betrokke analogieë te beoordeel* op grond van hul praktyke in die geskiedenis en hierdie praktyke se gevolge.

So 'n verkenning kan verskillende sake help verhelder, of minstens as onopgeloste probleme uitlig:

(i) 'n Belangrike leidraad kan gebied word oor die mate waartoe White die kontingensie-eis van die interpretatiewe benadering, gewortel in die betrokke persoon se verstaansnetwerke, teenoor die vastigheid van sy eie voorkeur as "waarheid" stel.

(ii) Ook White se onderskeid tussen argument, wat gebruik maak van konsekwentheid en nie-weerspreking met die pretensie van universele geldigheid, en narratief, wat gebruik maak van koherensie binne 'n bepaalde verhaal, kan ondervra word.

Die afspan van 'n verhaal in 'n "vel" waarbinne koherensie geld, blyk 'n kritiese onderskeid te wees tussen die onversoenbare kriteria van 'n goeie argument en 'n goeie storie. White se onderskeid tussen argument en storie sou ook kon impliseer dat 'n goeie argument heenwys op meer as homself in die verkry van betekenis en 'n evaluering as "goed", terwyl 'n goeie storie slegs binne ditself kan wys op betekenis en 'n evaluering as "goed". 'n Goeie storie as "lewensgelyksoortig" plaas White hier egter in 'n interpretatiewe dilemma wat deur die voorafgaande stelle vrae intensiveer word.

(iii) (ii) kan dalk help verduidelik waarom White spesifiek die vul van gapings as "betekenisvol" sien.

## 6.2 Die vul van gapings as die uitvoering van 'n storie

'n Persoon se interpretasiemoontlikhede word beperk deur die beskikbare kulturele verhale wat sy / haar dinamiese om-gewing opmaak. Die persoon word egter nie deur die beskikbare verstaansnetwerke gedetermineer nie. Wanneer 'n persoon sy/haar ervaring in 'n veranderende werklikheid tot sin probeer maak moet hierdie ervaring altyd weer (her-)vertel word in 'n nuwe verhaal, omdat geen enkele verhaal 'n persoon se werklikheidsbelewing kan bevat nie. Elke verhaal word dus deels vertel om daardie gapings te vul wat ontstaan waar die bestaande verhale tekort skiet om antwoord te gee op 'n sinsvraag van die huidige ervaringsoomblik.

'n Belangrike ondersteuning en invalshoek vir die verstaan van hierdie idees van White kan myns insiens gevind word in die kontingente omringende simboliese konstruksiemoontlikhede. Hierdie simboliese konstruksiemoontlikhede is so dinamies en gevarieerd dat 'n betrokke persoon se interpretasie-optrede deur geen enkele verhaal bepaal word nie. Inteendeel, ons kan argumenteer dat die persoon se moeilik omlynde gedeeltelike afhanklikheid van 'n eie verskeidenheid van hierdie komplekse netwerke *juis* die invalshoek bied vir 'n interpretasie wat altyd "eie" is aan die betrokke persoon se komplekse interpretasieruimte[30].

White onderbeklemtoon die persoon se eiesoortige simboliese konstruksiemoontlikhede en sy / haar betekenis-makende beweging daarin. Dit vorm egter 'n besonder belangrike deel van die onbepaalde aard van *verhaal*.

Die moontlikheid van terapeutiese intervensie word binne 'n narratiewe benadering **gedra** deur die onbepaalde aard van stories: die verhale in 'n persoon se interpretasieruimte bied altyd moontlikhede vir 'n hervertel en 'n beter betekenistoeskrywing *indien dit gelees word binne die persoon se eiesoortige simboliese verstaansnetwerk*.

Die onbepaalde aard van stories **beperk** egter ook die moontlikheid van terapeutiese intervensie. Geen bo-interpretatiewe vastigheid kan as terapeuties voorgeskryf word nie. Voorts, die betrokke persoon se dinamiese verstaansnetwerk bied die ingangspunt en roetekaart vir 'n verstaan van probleem en terapeutiese oplossing. Dit beteken dat 'n persoon se veranderingsmoontlikhede afgelees moet word teen sy / haar gapings in die beweging van sy/haar dinamiese interpretasienetwerk. Verhale se uitdruk van verandering word primêr tematies omvat. Elke verhaal het altyd gapings omdat die saambestaan met ander verhale altyd dui op ongesêde betekenismoontlikhede in 'n verhaal. 'n Persoon se spesifieke vra na sin vorm egter 'n unieke konsentrasiepunt van gapings wat beantwoord word in die vertel van 'n verhaal as sin-skeppend.

---

[30] Bauman (1992: 192) se uiteensetting van die postmoderne toestand as onder meer 'n beklemtoning van die habitat / komplekse sisteem waarin agentskap werk, bied 'n soortgelyke beskrywing: agentskappe is slegs gedeeltelik afhanklik van mekaar, maar aangesien die afhanklikheidslyne nie vas is nie bly hul optredes en die gevolge daarvan onder-bepaald, dit is, outonoom.

In 'n konsekwente interpretatiewe narratiewe benadering is dit van besondere hermeneutiese belang dat die terapeut die persoon se verhale verstaan beide met hul betrokke gapings én as sinskeppende antwoorde op 'n konsentrasiepunt van gapings, gerig deur 'n eiesoortige voorafgaande kontingente samehang. Die beweging van 'n betrokkene se verstaansnetwerk met die verskeidenheid verhale wat voortdurend op mekaar inspeel is ook belangrik om 'n persoon se poging tot ('n) verhaaltemas te verstaan. 'n Persoon behoort dus hermeneuties en terapeuties verstaan te word deur sy / haar verstaan van gapings soos wat dit sy / haar interpretasieruimte se beweging rig.

White lê egter klem op die verstaan van die **persoon via** sy / haar **vul van gapings**[31]. 'n Persoon moet gapings vul om 'n storie te kan uitvoer, en sulke betekenis-uitvoerings konstitueer 'n persoon se lewe. Die semantiese klem val hier op die vul van gapings as konstitutief betekenisvol. Waarom?

Die vul van gapings, moontlik gemaak deur toegang tot eie ervaring en verbeelding, stel 'n persoon in staat om te vorder van die kopieer van kultureel-beskikbare verhale na oorspronklike verhale in die uitvoer van kulturele verhale vir 'n spesifieke situasie[32]. Dit kom dus voor asof die vul van gapings 'n persoon se lewe as agent konstitueer.

Om die vul van gapings eksklusief betekenisvol voor te stel isoleer hierdie nuwe betekenis van die betekenis wat 'n persoon uit vroeër interpretasies opbou en in sy/haar verhalende samehang versamel. Wanneer 'n persoon se skepping van koherensie binne die huidige verhaal beklemtoon word (teenoor die verhalende samehang relevant vir verstaan), vergemaklik dit die idee van 'n persoon wat sy/haar werklikheid op beheerbare wyse tot sin maak. Sin-skepping gebaseer op koherensie-skepping binne slegs die huidige verhaal impliseer egter óf 'n universalisering van hierdie verhaal óf 'n betekenisloosheid van hierdie verhaal omdat die volgende verhaal van die volgende oomblik die huidige betekenis ignoreer. White maak 'n universaliteitsidee hiermee implisiet tot voorwaarde vir die

[31] Die spanning tussen 'n interpretatiewe benadering waarin ook 'n gaping interpretatief bepaal word, en White se beklemtoning van die *vul* van gapings, met gapings wat ontstaan omdat 'n enkele verhaal nie alle gebeurlikhede uit die lewe kan hanteer nie, word hier intensiveer deur *gebeurtenis as ervaringseenheid* by White (sien 5.1). *Gebeurtenis* is myns insiens egter 'n kognitiewe verwerking van iets wat uitstaan as 'n "happening". Van Peursen (1992) bied 'n soortgelyke uiteensetting van *gebeurtenis*.

[32] Sien 6.3 vir 'n vollediger uiteensetting van die spanning tussen gegewe en oorspronklike verhaal by White.

moontlikheid van betekenis. Dit bemoeilik sy skerp onderskeid tussen verhaal en argument[33]. Verder onderspeel dit ook die herstrukturering van die betrokkene se hele verstaansnetwerk wat nodig sou wees om "nuwe" betekenis toe te skryf in 'n interpretatiewe benadering.

Die metateoretiese konsekwensie hiervan is die spanning tussen die interpretatiewe en die inisiatief agter verhaal skrywe. White lig hierdie inisiatief bo die interpretatiewe uit as betekenisbron, omdat nóg die invul van gapings, nóg die herstrukturering van organisasie uit die interpretasie kom (of, as dit daaruit sou kom dui White dit glad nie aan nie, en dus dui hy ook nie aan *hoe* dit kan nie). Aan hierdie bo-interpretatiewe betekenisbron kan oorspronklik-makende magte toegeken word. Dit veronderstel 'n (spookagtige) "self" geleë in die onmiddellik, direk-toeganklike bewuste[34].

Instede daarvan om 'n persoon en sy / haar "sin" vanuit sy / haar omringende interpretasieraamwerke en interpretasie-optrede te verstaan, word 'n persoon hier uitgebeeld as agent wat storie-objekte oorspronklik maak deur gapings daarin te vul met "eie" ervaring en verbeelding[35]. Aangesien elke verhaal in die (her-)vertel daarvan altyd alreeds geïnterpreteer is, is White se onderskeid tussen oorspronklike en gekopieerde verhale moeilik verstaanbaar vanuit 'n interpretatiewe perspektief[36].

Voorts, as elke verhaal (her-)skryf word om sin te maak en as die uitvoering van 'n verhaal konstitutief is, is elke verhaal eweveel konstitutief? Indien wel, dan verval die bo-interpretatiewe bron se rig van 'n persoon se lewe gegrond op die oorspronklikmaak daarvan, sodat die konstitutiewe bron gesetel is in wat / wie ookal bepaal watter verhaal(e) gelees word. Dit wys terug op die onontsnapbaarheid van 'n persoon se verhalende samehang en hoe die persoon se bewuswees van 'n gaping daardeur bepaal word.

Dit kom voor asof White die persoon / agent se vrye inisiatief as vaste betekenisbron wil begunstig, terwyl hy die persoon se kontingente bepaal-wees deur omringende

[33] Sien 6.1.3 (ii) en (iii).
[34] Sien ook 5.4 oor die "self".
[35] Dat White "eie" ervaring en verbeelding hier benader asof dit interpretasieloos is, is dalk (mede-)sprekend van 'n vastigheidstrekkrag wat teenoor die kontingente gestel word.
[36] Dit is moontlik dat White hierdie "vordering" verstaan as 'n persoon se "leer ken" van hom- / haarself. Hierin loop White se teorie homself egter ook vas: dit sou 'n samehangsverstaan oor tyd impliseer, eerder as 'n blote skepping van self in interpretasie.

verhale teenstaan. 'n Narratiewe terapeutiese benadering wat meer konsistent interpretatief is sal egter nóg die kontingente kulturele bepaaldheid, nóg die vrye inisiatief beklemtoon, maar eerder die beweging van 'n persoon se verhalende samehang opvolg in 'n verstaan van interpretasie wat altyd alreeds is.

Ons kan hierdie inkonsistensies verder verhelder in die beskrywing van sy gebruik van gapings in sy terapeutiese praktyke.

### 6.3 Gegewe verhaal versus oorspronklike verhaal

White onderskei tussen aanvanklik-gegewe verhale en "eie", oorspronklike verhale met 'n bevoorkeuring van laasgenoemde. Die vraag of sosiaal-konstruksionisme, implisiet in White se idee dat die uitvoer van stories voorafgegaan word deur die kopieer van stories, nie dialekties staan teenoor White se gedagte van individuele voorkeur nie, kom hiermee ook op die voorgrond.

White se onderskeid tussen gegewe en oorspronklike verhaal maak nie sin binne sy interpretatiewe benadering nie: as alle betekenis via interpretasie toegeskryf word, en as alle verhale gapings het wat in die vertel daarvan gevul word, en as geen gebeurtenis wat oninpasbaar is, as betekenisvol interpreteer kan word nie, dan is dit onmoontlik om tussen verhale as gegewe en as oorspronklik te onderskei. White spreek hierdie probleem in sy onderskeid nie aan nie, maar versag dit in 'n glipgladde oorloop waarin die kopieer van kopieë bloot oorspronklik gemaak word in die kopieerpoging. In hierdie oorloop staan die persoon sentraal in sy / haar uitvoer van 'n storie se gapings, deur sy / haar oorspronklikmaking van die gegewe via die oproep van sy / haar eie leefervaring en verbeelding.

White se onhoudbare onderskeid tussen gegewe en oorspronklike verhaal versterk die spanning tussen sosiaal konstruksionisme en die opheffing daarvan in 'n persoon wat 'n eie verhaal(e) vertel. Dit kom voor asof White in sy benadering van sosiale konstruksies aanspraak maak op 'n self wat deur gebruikmaking van bo-interpretatiewe skeppingsmagte 'n "eie" verhaal vertel.

So 'n polêre benadering is nóg in die gegewe- / oorspronklike verhaal-onderskeid, nóg in die onderskeid tussen sosiaal-konstruksionisme en die self as die "eie" voorkeurverhaal-verteller konsistent met 'n interpretatiewe benadering. Aangesien die uitvoer van alle stories voorafgegaan word deur die kopieer van stories wat binne

die kanonieke gegee is, is alle stories tot 'n mate bepaald. Op interpretatiewe vlak sou 'n mens hieruit kon aflei dat die kanonieke stories 'n persoon se konstrueer van sy / haar werklikheid dien, as 'n tipe gedeelde simboleveld met eie verwysingsreëls in 'n persoon se konstrueer van sy / haar werklikheid[37]. Dit is in 'n interpretatiewe benadering van besondere hermeneutiese belang om 'n persoon se voorkeurverhaal te verstaan teen die agtergrond van sy / haar eiesoortige interpretasieruimte, wat deels en op velerlei komplekse wyses sosiaal konstrueer word. White se polêre benadering behoort verder verken te word, veral aangesien dit die sosiaal-konstruksionistiese verstaansvoorwaarde van 'n gedeelde simboleveld en kulturele verstaanshorison isoleer van die verstaan van 'n persoon se voorkeurverhaal.

## 6.4 Die aflei van 'n karakter se innerlike wêreld uit die landskap van optrede

Ons kan voorts nagaan waarom White die "landskap van bewussyn" (naas die "landskap van optrede") as deel van die verhaalstruktuur bybring – spesifiek die vraag waarom White na 'n innerlike wêreld anderkant die verhaal soek. Sou dit nie ook weer 'n Self veronderstel wat bo verhaal en interpretasie staan nie?

Volgens Cortazzi (1994: 158) stel literêre teoretici[38] drie noodsaaklike voorwaardes vir narratief. (i) Die *temporaliteitsvoorwaarde* dui op die volgorde van gebeurtenisse in tyd, met 'n beginstaat van ekwilibrium, 'n optrede in die middel wat 'n spanning stel deur 'n dinamiese verandering of disekwilibrium deur karakter-optrede, met 'n finale staat van oplossing of uitkoms. (ii) Die *kousaliteitsvoorwaarde* beteken dat die finale staat deur die middelste optrede veroorsaak moet word. (iii) Die *menslike belang-voorwaarde* maak dit moontlik om waardes en motiewe op karakters te projekteer waar aspekte soos verandering, keuse of konfrontasie, die onverwagte of humoristiese interessant is. Hierdie drie voorwaardes word gekombineer om 'n minimum "plot"-struktuur te vorm wat die koherensie van die verhaal rig. Daar is tans vele wetenskaplikes wat narratief as betekenisvol beskou vir persone se mentale en sosiale lewe: in die vertel van stories van persoonlike ervaring skep persone koherensie en vul hul lewens hierdeur oor tyd met betekenis (Cortazzi 1994: 157).

Die bostaande literêre verstaan van narratief stem ooreen met White se omskrywing van storie in die landskap van optrede – alhoewel hy die menslike belang-

[37] Veral die eerste paragrawe van 6.2 sluit by hierdie gedagte aan.
[38] Sien ook Ricoeur (1984) en Prince (1973) hieroor.

voorwaarde hier onderspeel[39]. White se ekstra byvoeging van die landskap van bewussyn kan egter verstaan word deur sy *ander* invalshoek en fokuspunt te begryp. 'n Versigtige lees van die volgende aanhaling is hiervoor nodig:

"*In striving to make sense of life, persons face the task of arranging their experiences of events in sequences across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them. Specific experiences of events of the past and present, and those that are predicted to occur in the future, must be connected in a lineal sequence to develop this account. This account can be referred to as a story or self-narrative.*[40]" (White & Epston 1990: 10.)

Vir White is storie *eerstens* 'n koherente verrekening van die self en die werklikheid. Die rangskikking van gebeure in volgordes oor tyd word hier nie gerig deur 'n eie interne samehang waarin bogenoemde drie voorwaardes kombineer in 'n "plot" / handelingsreeks nie, maar word gerig deur 'n reeds herkende samehangende geheel as onderskeidelik "self" en "werklikheid" wat as organiseringsbeginsel geld.

Ek argumenteer dat White die voorwaardes van temporaliteit en kousaliteit van die menslike belang-voorwaarde skei deur die rangskikking van gebeure 'n middel tot 'n doel te maak. Storie se doel geld as menslike belang-voorwaarde *van buite storie* as eis om te arriveer by die persoon se koherente verrekening van self en werklikheid. Hierdie skeiding vereis (1) dat 'n self bestaan wat (2) 'n koherente idee van hom- / haarself en sy / haar wêreld het en (3) wat storie rig om by (2) uit te kom.

Myns insiens moet White se landskap van bewussyn teen die agtergrond van hierdie skeiding se vereistes gelees word.

Aan die een kant word 'n koherente idee van die self en die werklikheid reeds veronderstel as interpretasie-voorwaarde in die landskap van bewussyn. Die middel-doelskeiding in bostaande aanhaling van White eis dat die rangskikking van gebeure oor tyd by 'n koherente verrekening van self en werklikheid uitkom.

[39] Sien 4.2.1: menslike belang word hoegenaamd nie genoem nie, maar kan *moontlik* ingelees word as deel van die spesifieke "plots" / handelingsreekse en tematiese ontvouings waarna verwys word. White gee egter nie verdere detail oor die "plots" / handelingsreekse of temas om hierdie interpretasie direk te steun nie.

[40] White voeg hier by dat daar in dié verband verwys kan word na Gergen & Gergen (1984)*.

* Gergen M M & Gergen K J

1984. The social construction of narrative accounts. Gergen & Gergen 1984: 33-44.

Gergen K J & Gergen M M (eds)

1984. *Historical social psychology*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum.

Aan die ander kant word 'n persoon se koherente idee van hom- / haarself deur die landskap van bewussyn tot stand gebring. Volgens White word persone se oortuigings en begeertes deur die uitvoer van betekenis in die landskap van bewussyn genoegsaam koherent en goed georganiseer om toegewydhede/lewenswyses genoem te word. Hierdie koherente disposisies karakteriseer die persoon, sê White (White & Epston 1994: 131) in verwysing na Bruner (1990: 39)[41]. In die landskap van bewussyn word die karakteroptredes (binne die rangskik van gebeurtenisse in spesifieke volgordes oor tyd) in 'n *volgende interpretasie* herlei na die protagonis se innerlike wêreld. Die persoon moet in sy/haar lesersafleiding oor sy/haar eie karakter dus ook 'n redigeringsrol vervul om die innerlike wêreld 'n koherente geheel te laat vorm[42]. Die "uitvoer van betekenis" waarna White hier verwys, dui op 'n vulling van gapings om karakteroptrede tot koherente begeertes, persoonlike kwaliteite, intensionele state en oortuigings te maak.

Dus, die rangskikking van gebeure oor tyd moet gerig word om by die persoon se koherente self- en werklikheidsiening uit te kom, maar terselfdertyd word hierdie koherente self en werklikheid tot stand gebring deur die rangskikking van gebeure. White gebruik die landskap van bewussyn om bo die rangskikking van gebeure uit te tree in 'n volgende interpretasie waarin die persoon as karakter, leser en skrywer saamval om 'n enkelduidige self te skep waarvan die kern in die innerlike lê. Hierdie enkelduidige self kan gebeurtenisse oor tyd dan só rangskik dat elke vertel weer by die koherente self- en werklikheidsiening uitkom. Dat die koherente self tot spesifieke lewensloopbaan gemaak kan word impliseer 'n self met sterk konstitutiewe magte. Hierdeur word die redigeringsfunksie van die landskap van bewussyn ook 'n werklikheidstellende funksie.

---

[41] Bruner J
1990. *Acts of meaning*. Cambridge: Harvard University Press.

[42] Hoe word die verskeidenheid van verhale en karakters in hierdie interpretasie omvorm tot 'n koherente self? White het duidelik 'n persoon in gedagte wat enkel-gemotiveerd en bewustelik na 'n bepaalde rigting skryf. Dit is belangrik om vas te stel tot watter mate sy persoonsidee hier 'n vastigheid teenoor die persoon se benadering van die kontingente raak. 'n Volgende artikel kan hiermee behulpsaam wees deur die terapeutiese proses te verken om vas te stel *op watter wyse daar afleidings oor die self gemaak word in die landskap van bewussyn*. Indien White die verhalende as betekenissprekend aanvaar, sou die betekenisafleidings hier wegstuur van logiese afleidings en gerig wees op die verstaan van die verhalende met die bevatting van dubbelsinnighede en teenstrydighede binne die verhaal se groter tema. Slaag White daarin om die afleidings in die landskap van bewussyn nie ekstra-verhaalmatig te maak in 'n poging om by "'n punt" te kom nie, maar eerder die kompleksiteit en veelvlakkigheid van die persoon se verhalende betekenismoontlikhede te behou?

White beskou die landskap van bewussyn as deel van narratief se struktuur, maar tot watter mate is White se bywerk van die bewussynslandskap 'n ekstra-verhaalmatige strategie om die self- en werklikheidsiening met hul absolute aansprake en koherensie-eise as organiseringsbeginsel te akkommodeer?

Dit is duidelik dat die koherente self en werklikheidseis nie gemaklik deel is van die rangskikking van gebeure oor tyd nie. Die werklikheidseis veronderstel 'n betekenisskeppende self wat buite verhale staan as storie-filter. Hierdie persoon *maak gebruik van verhale* om 'n eie werklikheid te konstrueer wat inpas by sy / haar innerlike wêreld. Om hierin te slaag móét die persoon gelyktydig en bewustelik as karakter, leser en skrywer funksioneer[43]. White se sterk beklemtoning van die outonome self *in die verhalende* kan nie deur konvensionele verhalesienings bevat word nie, omdat hulle klem op die verhalende as sulks, en op die interpretasiemoontlikhede daarbinne val.

Wanneer White die landskap van bewussyn *deel maak van verhaal*, kan sy verhalende benadering nie meer as interpretatief bestempel word nie. Betekenis word nie deur interpretasie medieer nie, maar eerder aan interpretasie opgelê as voorwaarde wat nagekom moet word om 'n koherente idee van self en werklikheid te behou. Die landskap van bewussyn met sy veronderstelling van 'n enkelself gee 'n "plot" aan verhaal – die logiese eenheid wat hier veronderstel word geld egter nie soseer binne verhaal, as dat dit buite-om verhaal moet heenwys na 'n koherente self en werklikheid nie. White se enkelself wat hier die basis moet vorm vir 'n koherente werklikheid skei die begripsmatige van die narratiewe. Hierdeur gooi hy een belangrike betekeniskomponent uit die narratiewe uit. 'n Verkenning van die eiesoortige betekenismoontlikhede van die verhalende as semantiese begripsmoontlikheid binne die begripslogika word hierdeur verhoed. Nogtans: omdat betekenisgewing vir White plaasvind deur die vul van gapings gelees teen 'n koherente idee van die self en die werklikheid, en hy nie hierdie dualistiese spanning eksplisiet aanvaarbaar vind nie, kom die totale koherensie wat hierdeur veronderstel

[43] Heidegger (1934: 79-83, 99-104) se kritiek op die voorstellingsdenke van die Moderne Tyd sou ook van toepassing gemaak kan word op White se idee van die persoon as self-reflekterende outonome agent in die wêreld, met die saamval van karakter, leser en skrywer as tipies modernisties.

word neer op 'n logiese konsekwentheidseis. Hierdeur ruil hy veelsinnigheid in vir die enkelsinnigheid van 'n logiese kriterium van konsistensie[44].

Só word 'n objektiewe werklikheid tot verstaansvoorwaarde en representasie-eis gemaak. Ook die self word hier gedwing tot slegs dit wat inpas by hierdie idee van die enkelself. 'n Problematiese terapeuties-praktiese implikasie hiervan is dat die persoon geen ruimte gegun word om probleem en oplossing te verken, anders as in die maak van afleidings wat koherent behoort te wees met 'n outonome self se innerlike nie.

Voorts, die spanning tussen White se interpretatiewe benadering en sy verhalende benadering impliseer op hermeneuties-praktiese vlak dat White 'n voorlees-inslag gebruik om die persoon te verstaan. In hierdie voorlees-benadering dwing die terapeut die persoon om 'n "gevolg"-leesstrategie[45] te gebruik in die interpreteer van sy/haar eie verhale: die persoon moet sy / haar verhale só interpreteer dat verandering bewerkstellig word. Die gegewe / vertelde teks (as die rangskik van gebeure in 'n bepaalde volgorde oor tyd) moet naamlik verander word na 'n geredigeerde weergawe waarin die self as enkel-gefokusde outonome agent sentraal staan.

## 7. SLOT: 'N SAMETREKKING VAN DIE METATEORETIESE ONDERBOU VAN WHITE SE GEBRUIK VAN NARRATIEF

White stel sy narratiewe terapie voor as 'n interpretatiewe benadering wat sterk belofte inhou om die persoon in terapie se subjektiwiteit sentraal te stel. Teenoor hoofstroom-benaderings met hul universaliteitsaansprake wat die persoon se eie verstaan van probleem en oplossing onderdruk, is dit vir White belangrik om vir die persoon ruimte te skep om alternatiewe en voorkeurstories uit te voer. Hierdie verhale vorm dan die rigtende kennis wat die persoon se identiteit en werklikheid konstitueer.

Aangesien White se interpretatiewe werklikheidsbeskouing die invalshoek en konteks vorm vir sy narratiewe terapie, is die hermeneutiese verstaansmoment 'n sentrale kwessie om aan te spreek in 'n filosofiese waardering van sy benadering.

---

[44] In 'n later artikel sal ek uit White se *terapeutiese praktyke* probeer aantoon dat White se idee van koherensie feitlik sinoniem is met die idee van logiese konsekwentheid.
[45] Sien ook 6.1

In hierdie artikel het ek belangrike hermeneutiese probleme blootgelê deur White se verstaan van verhaal te verken teen die agtergrond van sy interpretatiewe benadering.

Wanneer White sy interpretatiewe werklikheid beskryf maak hy gebruik van konsepte wat buite-om 'n kontingente, interpretatiewe werklikheid verstaan moet word en wat bo-interpretatief rig. 'n Persoon se interpretasie word gerig deur die inpas van *gebeurtenisse* by 'n analogie, wat in 'n *kousaliteitspatroon* gekoppel is aan betekenis en gedragsoptrede. Interpretasie kan verder ingerig word deur 'n *voorkeur*-analogie te gebruik. Hierin kan die *ondersoekkriteria* van gevolge van praktyke, en praktyke se plasing binne die sosiale geskiedenis as berekeningsinstrumente nuttig wees in die bepaling van so 'n voorkeur-interpretasie.

Ek het aangetoon dat White se gebruik van *verhaal* ook inkonsistent is met sy interpretatiewe werklikheidsiening waarin die persoon se subjektiwiteit en interpretasie sentraal is deur te wys op: die objektiewe veranderlike werklikheid wat White as verstaansvoorwaarde stel in sy gebruik van verhaal; die persoon wat verstaan word as betekenisbron en vrye inisiatief agter-verhaal-skrywe; White se onderskeid tussen gegewe en oorspronklike verhale; en op die self wat as redigeerder van verhale sy/haar innerlike moet (her-)skep om by 'n koherente self en werklikheid te arriveer. Die vastigheid van 'n koherente self en werklikheid veronderstel 'n enkelself wat deur 'n logiese konsistensie-kriterium sin aan die werklikheid gee.

Onderliggend aan White se verstaan van *verhaal* het ek dus 'n spanning tussen 'n kontingente werklikheid en 'n drang na vastigheid[46] uitgelig soos dit na vore kom

- tussen interpretasie en die bo-interpretatiewe;
- tussen verhaal en die ekstra-verhaal;
- tussen die landskap van optrede en die landskap van bewussyn;
- tussen veelvuldigheid van betekenis en logiese eenheid ("plot"); en
- die spanning tussen storie en argument.

[46] In my uiteensetting van White se metateoretiese aannames maak ek gebruik van Mekkes (1965: 32-34) se idee van 'n fundamenteel religieuse dialektiek van redelike berekenbaarheid en kontingensie, waarin die outonome mens sentraal staan. Ek maak ook ruim gebruik van Duvenage (1969: 52-67) se idee van die religieuse grondmotief van kontingensie-vastheid waarvan hy vele trekke skets wat ook in White sigbaar is.

White veronderstel 'n *werklikheid wat as geheel dinamies en aktief is*. 'n Persoon se belewing van die omringende werklikheid vind sosiaal-konstruksionisties plaas deur interpretasie van ervaring in stories omraam deur dominante kulturele kennisse. Alhoewel die dominante kennisse bepalend mag voorkom, ondermyn die dinamiese aard van die werklikheid enige statiese waarhede. Geen verhaal kan alle gebeurlikhede hanteer nie, wat aan stories 'n onbepaalde aard gee omdat elke vertel 'n hervertel is. Die *dinamiese geheel bring dus 'n verskeidenheid* van verhale en kennisse tot stand.

Hierdie verskeidenheid en veranderlikheid van 'n subjunktiverende werklikheid is vir White goed, omdat hy 'n *antinomistiese vryheidsbelewing* voorstaan. Hy sien normatiewe waarhede en verwysings na 'n objektiewe werklikheid as kennispraktyke en magsproduksies wat die persoon onderwerp, objektiveer en reïfiseer[47]. Dit is vir White belangrik om die isolasie van kennis wat die normatiewe oordeel in stand hou te ondermyn deur in terapie aktief te vra na 'n groter verskeidenheid kennisse. Dit is in narratiewe terapie vir hom dus belangrik om die inherente stryd en wetsweerstandige in die werklikheid op te roep. Hierdeur word persone dan bevry om 'n eie voorkeurverhaal te vertel.

Die *dinamiese kontingensie* as die aktuele en gebeurlike is vir White die toegangspunt wat die subjektiwiteit van die persoon moontlik maak. Hy skryf die vaste en die normatiewe af, as deel van sy stryd teen die sosiale en politieke bepaaldheid van persoon deur verhaal, en verabsoluteer hiermee die dinamiese. Teenoor die bepaaldheid stel hy die vrye-inisiatief-agter-verhaalskrywe as betekenisbron. Dit impliseer 'n *irrasionalistiese selfbepaling* waarin die self in sy/haar interpretasie-optredes en –keuses gedurig sigself vernuwend bepaal.

White behou die **kontingensie-eis** egter nie in 'n opvolg van die persoon se subjektiwiteit, wat afgelees kan word in sy / haar samehangende interpretasiemoontlikhede binne sy / haar verhaleruimte en interpretasieruimte nie.

---

[47] White bied breedvoerige uiteensettings van Foucault (1979*, 1980, 1984**) se werk oor mag en kennis en ontleen vele van sy idees oor die sosiaal-politieke konteks van Foucault (White & Epston 1990: 1,19-27, 66-67, 70-75, 190 en White & Epston 1994: 122-146).
* Foucault M
1979. *Discipline and punish: the birth of the prison.* Middlesex: Peregrine Books.
**Foucault M
1984. *The history of sexuality.* Middlesex: Peregrine Books.

Inteendeel, hy impliseer die voorkeurwerklikheid van 'n enkelself as logiese kriterium en **vastigheid** waarby interpretasie en verhaal moet inpas om sin te maak.

Reeds in White se uiteensetting van sy interpretatiewe benadering vind ons dat hy sentrale konsepte bo-interpretatief benader. 'n Persoon kom *gebeurtenisse* teë wat binne 'n *analogie* gevorm behoort te word tot *voorkeur*-betekenis met gevolglike voorkeur-gedragsoptrede. Dit veronderstel 'n *redelike berekenbaarheid* (metafories bedoel), moontlik gemaak deur 'n *kousaliteitsketting* wat bo-oor die persoon se kontingente interpretasie-netwerk gegooi word waarmee die betekenisvolle vasgestel word.

White bespreek analogieë in terme van voorkeur, en verkies die narratief-analogie onder meer omdat dit nie 'n objektiewe werklikheid veronderstel nie. Die werklikheid word via voorkeur-analogieë in terme van *funksionele denke* benader, sodat die ware dít is wat nou betekenis het. Dit is ironies dat 'n ekstra-verhaalmatige dimensie egter sentraal staan in White se voorkeur-analogie. Sy gevolg-leesstrategie wat lewensgelyksoortig moet wees deur die werklikheid te subjunktiveer veronderstel die universaliteit van verandering asook 'n objektiewe werklikheid wat tot verstaans- en werklikheidsvoorwaarde gemaak word.

Die voorafgaande klem op voorkeur veronderstel *'n outonome self met sterk konstitutiewe magte*. White verstaan die persoon veral deur sy / haar vul van gapings in die uitvoer van 'n verhaal. Hierdeur word die self-skeppende vermoëns van die persoon beklemtoon as 'n manier om vanuit die onsinnige werklikheid te kom tot 'n "waarheid" as die najaag van 'n doel / waarde.

Om die werklikheidskeppende self se outonome magte binne verhaal te probeer verstaan, maak White gebruik van die landskap van bewussyn as deel van die verhale-struktuur. In hierdie landskap word reflekteer op die innerlike wêreld van die protagonis. Hierdie refleksies vorm uiteindelik die betrokkene se lewensloopbaan. Die self moet egter buite hierdie bewussynslandskap tree om storie as middel te kan inspan om by 'n koherente self en werklikheid te arriveer. *Betekenis* word hier *as* interpretasievoorwaarde gestel, met 'n *sterk logiese koherensie-eis* en veronderstelling van 'n enkelself.

White se verstaan van die subjek met sy / haar outonome magte moet beide die kontingensie-pool en die vastigheidspool gegrond op redelike berekenbaarheid

veronderstel. Hierdie pole is egter gemeenskaplik uitsluitend en die outonome self word uiteindelik ingeperk in 'n enkelself wat aan 'n logiese betekenis-eis moet voldoen.

Dit beteken dat White se omgaan met verhaal aan nóg die hermeneutiese vaardigheids- / sensitiwiteitseis, nóg die hermeneutiese kundigheidseis wat deur sy benadering veronderstel word, kon beantwoord. Wanneer die persoon nie verstaan word in terme van sy / haar interpretasie-optredes binne haar eiesoortige interpretasieruimte nie, dan is White se sogenaamde interpretatiewe benadering nie sensitief vir die subjektiwiteit van die persoon in sy / haar self-samestellings nie. Ook die belofte van hermeneuties-terapeutiese kundigheid om interpretasie deur verhaal tot veranderingsagent te maak, is nie houdbaar wanneer die betekenisgewende ekstra-verhaalmatig is nie.

Ek het aangetoon dat die hermeneutiese problematiek in White se verstaan van verhaal binne 'n interpretatiewe konteks verklaar kan word deur 'n metateoretiese spanning waarin die outonomiteit van die persoon vasval in 'n spanning tussen 'n kontingensie-eis en 'n drang na vastigheid.

Vir 'n volgende artikel wat White se gebruik van *verhaal* in terapie verken, is dit belangrik om hierdie metateoretiese spanninge te ondersoek. Word dit as spanninge behou? Indien wel, wanneer word watter kant hiervan begunstig, en hoe word die persoon in terapie betrek by hierdie inkonsistente stryd? Of is sy interpretasiestrategie binne die terapeutiese situasie dalk sodanig dat hy hierdie inkonsistensies oplos, sodat die verken van sy terapeutiese praktyke ontdekkings mag blootlê wat belangrike vondste bied vir sy teoretiese omgang met *verhaal*?

Die ekstreme pole van kontingensie-eis en drang na vastigheid blyk beide noodsaaklik te wees om White se ideaal van die outonome te kan akkommodeer. Hierdie ideaal met sy twee teenpole hoef egter nie deel te wees van 'n narratiewe terapeutiese benadering nie.

'n Ontginning van die hermeneutiese potensiaal in 'n verhalende benadering behoort verder gevoer te word as om net na White se benadering te kyk. 'n Interpretatiewe narratiewe benadering wat beide verhaal se stellende en her-stellende aard gelyktydig erken, met die erken van verhale se saambestaan tot sin en tot verandering, veronderstel reeds die hermeneutiese wins van 'n versigtiger

terapeutiese soektog na die samehangende moontlikhede van die verhalende as veranderingsagent.

## 8. VERWYSINGS


Anderson H

2004. Postmodern therapies. [Web:] http:www.harlene.org/Pages/PostmodernTherapiesChapter.htm [Datum van gebruik: 10 Des. 2004].

Apfelbaum E

2002. Restoring lives shattered by collective violence. Van der Merwe & Wolfswinkel 2002: 9-17.

Van der Merwe C & Wolfswinkel R (eds)

2002. *Telling wounds. Narrative, trauma and memory – working through the SA armed conflicts of the 20th century.* Stellenbosch: Van Schaik Content Solutions.

Barthes R

1966. Die krisis van die kommentaar. Ongepubliseerde vertaling deur J J Venter. Uit: *Critique et Vérité*. Paris: Seuil.

1977. *Image – Music – Text.* Uit die Frans vertaal deur S. Heath. London: Fontana.

Bauman Z

1992. *Intimations of postmodernity.* London: Routledge.

Besley T

2001. Foucauldian influences in narrative therapy: an approach for schools. *Journal of Educational Enquiry* 2(2): 72-93.

2002. *Counseling youth: Foucault, power and the ethics of subjectivity.* Westport: Praeger.

Cortazzi M

1994. Narrative analysis. *Language Teacher* 27: 157-170.

Du Plessis R

2002. The narrative approach and community development: a practical illustration. *Africanus* 32(2): 76-92.

2004. Die narratiewe werskwyse in gemeenskapsontwikkeling. *Acta Academica Supplementum* 1: 88-112.

Diamond J P

1997. Narrative means to sober ends: language, interpretation and letter writing in psychotherapy and recovery. (Opsomming in Dissertation Abstracts International databasis, Humanities and Social Sciences, 57: 4542.)

Dulwich Centre

2004a. Michael White [Web:] http://www.dulwichcentre.com.au/mwhite.htm [Datum van gebruik: 18 Apr. 2004].

2004b. The Dulwich Centre website... a gateway to narrative therapy. [Web:] http://www.dulwichcentre.com.au [Datum van gebruik: 18 Apr. 2004].

Duvenage B

1969. Die religieuse grondmotief van die konsepsies van Visser t'Hooft met betrekking tot die Wêreldraad van Kerke – 'n wysgerige benadering. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – D.Phil.)

Gremillion H

2004. Unpacking essentialisms in therapy: lessons for feminist approaches from narrative work. *Journal of constructivist psychology* 17(3): 173-201, Jul-Sep.

Heidegger M

1938. *Holzwege.* Frankfurt am Main: Klostermann.

Horwitz U

2003. Commonly asked questions about narrative therapy. [Web:] http://www.dulwichcentre.com.au/questions.html [Datum van gebruik: 9 Apr. 2003].

Kant I

1937. *Fundamental principles of the metaphysic of ethics.* London: Longmans and Green.

Kuhn T

1975. *The structure of scientific revolutions.* London/Chicago: University of Chicago Press.

Mekkes J P A

1965. *Teken en motief der creatuur.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Middleton J R & Walsh B J

1995. *Truth is stranger than it used to be. Biblical faith in a postmodern age.* Illinois: Intervarsity Press.

Molesworth H B C

1999. Critical reflections on postmodern psychotherapy (narrative therapy). (Opsomming in Dissertation Abstracts International databasis, The Sciences and Engineering, 60: 2355.)

Müller J

1996. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Payne M

2000. *Narrative therapy: an introduction for counsellors.* London: Sage.

Prince G

1973. *A grammar of stories.* The Hague: Mouton.

Rich R

1999. Detoxifying anger: a narrative therapy approach. [Web:] http://www.aic.au/conferences/rvc/rich.pdf [Datum van toegang: 10 Des. 2004].

Ricoeur P

1984. *Time and narrative.* 3 vols. Chicago: University of Chicago Press.

Strauss D F M

2004. How "postmodern" is "postmodernism"? *Koers* 69(2): 259-276.

Toulmin S

1990. *Cosmopolis. The hidden agenda of modernity.* Chicago: University of Chicago Press.

Van Peursen C A

1992. *Verhaal en werklijkheid: een deiktische ontologie.* Kampen: Kok Agora.

Venter J J

1999. Modernity: the historical ontology. *Acta Academica* 31(2): 18-46, Aug.

Wetchler J L & Purdue U-C

1996. Social constructionist family therapies. Piercy & Sprenkle 1996: 129-152.

Piercy F P & Sprenkle D H (eds)

1996. *Family therapy sourcebook.* 2nd. ed. New York: Guildford Press.

White M

1989. *Selected papers.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

1995. *Re-authoring lives: interviews and essays.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

1997. *Narratives of therapists' lives*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

2000. *Reflections on narrative practice: essays and interviews*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

2004. *Narrative practice and exotic lives: resurrecting diversity in everyday life.* London: Sage.

White M & Epston D

1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: W.W. Norton.

1994. *Experience, contradiction, narrative and imagination. Selected papers of David Epston and Michael White, 1989-1991*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Willies W H

1996. The sense of the intact and the deconstruction of the self: story as redemptive mediation. *Koers* 61(4): 511-520.

1998. Playing dangerously: risking salvation with stories. *Journal of Literary Studies* 14(4): 235-244, Des.